



IN  
GOETIE

DAG

VIR

BOOMKLIM

JACO JACOBS



in  
GOETIE DAG  
VIR  
BOOMKLIM

JACO JACOBS



LAPA Uitgewers

[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

# 1

## Skottelgoed

“Hei, jou dowe doofus, het jy nie die deurklokkie gehoor nie?”

Ek kners op my tande en spuit ’n groen Sunlight Liquid-blerts in die wasbak.

As iemand so iets vir jou skree, is daar ’n paar goed wat jy kan doen.

Opsie een is dat jy kan maak of jy regtig doof is en dit ignoreer. Wat nie ’n goeie idee is as dit jou ouer broer is wat die skreewerk doen nie. In elk geval nie as jy ’n ouer broer soos Donovan het nie.

Opsie twee is dat jy kan dreig om die ou wat so vir jou skreeu se neus te breek as hy jou weer ’n doofus noem. Wat in hierdie geval net plein dom sal wees. Donovan het provinsiale kleure in swem, hy oefen elke dag met gewigte en hy drink van daardie proteïendrankies wat jou moewiese spiere gee. Boonop het hy op vyftien die kuns van die wedgie vervolmaak. Al die onderbroeke in my kas is al verrek.

Opsie drie is dat jy die ou wat so skreeu vriendelik daarop kan wys dat die persoon wat die deurklokkie gelui het, beslis nie op soek is na jóú nie, aangesien jou beste (en enigste) pel die Desembervakansie saam met sy ouers Amerika toe is. Die kans is weer eens baie goed dat jy ’n wedgie vir jou moeite gaan kry.

Opsie vier is dat jy die normale pecking order kan gebruik en jou kleinboetie beveel om die deur te gaan oopmaak. In ons geval bestaan die normale pecking order nie meer nie. Adrian is net nege jaar oud, maar hy het sy beursie gebruik om vir hom ’n plek bo my in die pecking order te koop. Om ’n lang storie kort te maak: Ek is tans my kleinboetie

se persoonlike slaaf. As ek die vakansie enige sakgeld wil hê, beter ek sorg dat ek hom nie kwaad maak nie.

Opsie vyf is dat jy die skottelgoed los, jou hande afdroog en die deur gaan oopmaak.

Raai watter opsie kies ek.

Die meisie op ons stoep lyk 'n bietjie ouer as ek. Sy het 'n kort rompie aan, haar bruin hare is in 'n poniestert vasgemaak en sy praat in vraagtekens. Haar draadjies flits in die son toe sy senuweeagtig glimlag.

“Haai? Uhm ... ek is op soek na Donovan? Adrian het my ... uhm ... genooi?”

Ek sug. “Donovan, jy’t nog 'n kliënt!”

Die meisie trap ongemaklik rond en bloos bloedrooi.

As my ma en pa uitvind wat helder oordag by ons huis aangaan, sal hulle sielkundige berading nodig hê. Gelukkig werk hulle albei bedags en is hulle salig onbewus daarvan dat hulle jongste seun hulle oudste seun aan skoolmeisies uitverhuur. Daar’s 'n woord daarvoor, en dis onwettig. Maar Adrian sê ek is simpel, dis net 'n onskuldige opleidingskursus.

Adrian is die soort negejarige wat woorde soos “opleidingskursus” ken. My pa sê hy gaan op agtien óf 'n miljoenêr wees óf sy eerste tronkstraf uitdien.

My kleinboetie is die rykste negejarige wat ek ken. Dit het al op kleuterskool begin, toe hy begin het om in die rugbyseisoen sy maatjies te laat wed op wie die naweek se wedstryde sou wen. Hy het 'n hele klompie geld gemaak voordat 'n ontstoke ma daarvan uitgevind het.

Adrian is ook die enigste kind wat ek ken wat uit 'n kleuterskool geskors is. Nie eens die feit dat my ma 'n advokaat is, kon hom red nie.

Die grootste deel van sy geld verdien hy deesdae deur goedkoop lekkers aan die skoolsnoepie te verskaf. Altans, ons vermoéd dis hoe hy die meeste van sy geld verdien.

Adrian is gedurig met allerhande geheimsinnige geldmaakplanne besig. Pa sê hy wil eerder nie van alles weet nie. Sy nuutste plan (Adrian s'n, nie my pa s'n nie) is om Donovan uit te huur vir soenlesse.

Jip, meisies soos die een met die draadjies wat hier op ons voorstoep staan en bloos, betaal vir die voorreg om my oudste broer te soen.

Donovan het 'n jaar gelede skielik haarjel begin gebruik, met gewigte begin oefen en in 'n meisiemagneet ontpop. In die middag wanneer hy swem oefen, is daar 'n hele skare meisies wat by die skoolswembad uithang om hom in sy Speedo te sien. Hy het al meer meisieharte gebreek as wat Chad le Clos swemrekords gebreek het. Dit lyk asof die meisies nie hulle les leer nie, want daar is tot dusver hierdie vakansie elke dag ten minste drie of vier wat kom vir soenlesse. Hulle verdwyn 'n halfuur lank saam met Donovan na ons swembad se lapa, en wanneer hulle daar uitkom, is hulle lipstiffie gesmeer en hulle glimlag van oor tot oor.

Ek het geen benul hoeveel Adrian vir die soenlesse vra en watter persentasie van die geld Donovan kry nie. Dalk doen Donovan dit net vir die lekkerte, want hy het deesdae meisies op die brein. En swembadchloor. G'n wonder hy het vanjaar graad nege op sy Speedo se agterkant deureskuur nie.

Die meisie op die stoep vee selfbewus oor haar rompie. Dit lyk asof sy lus het om weg te hardloop. As Donovan soveel tyd met sy skoolboeke by sy lessenaar spandeer as wat hy met sy haarjel en kam voor die spieël spandeer, het hy sweerlik met 'n onderskeiding of drie gespog. Hy vat behoorlik sy tyd, maar ek nooi nie die meisie op die

stoep binne nie. My ma is nie verniet 'n advokaat nie. Ek weet wat die woord “medepligtige” beteken. Ek wil net mooi niks met Adrian en Donovan se kastige “opleidingskursusse” te doen hê nie.

Uiteindelik maak Donovan sy verskyning. Sy hare is perfek gejel en hy ruik na daardie duur naskeermiddel wat Ma vir Pa vir sy verjaardag gekoop het.

“Haai,” groet hy die meisie met 'n breë glimlag en stoot my eenkant toe soos 'n deurstop wat in sy pad is. “Kom ons gaan sit sommer buite by die lapa.”

Die meisie giggel senuweeagtig en word nog 'n skakering rooier voordat hulle in die gang af verdwyn.

Met 'n sug maak ek die voordeur toe en loop terug kombuis toe.

Buite in die tuin tsjk-tsjk die swembadpomp.

Die yskas brom soos 'n kat wat spin.

By die voorhekkie blaf Brolloks vir die dominee se vrou wat met haar wolfhond verbygestap kom.

'n Paar minute later kom Adrian die kombuis binnegestap. “Hoe ver is die skottelgoed, Marnus?” vra hy met 'n baasspelerige stem terwyl hy die lemoensap uit die yskas haal.

Ons drie is veronderstel om beurte te maak om elke dag die kombuis op te ruim. Ek het egter aan die begin van die vakansie my sakgeld vooruit gebedel en 'n tweedehandse PSP by Adrian gekoop. Hy het dit weer by een van sy vriende gekoop. Ná 'n week het die ding gebreek, maar Adrian het geweier om my geld terug te gee, want hy sê ek het dit voetstoots gekoop. Ek is nie eens seker wat daardie woord beteken nie. Al wat ek weet, is ek moet elke dag die skottelgoed was en die kombuis skoonmaak in ruil vir sakgeld van my negejarige boetie.

My lewe suig.

Dis amptelik die goorste Desember vakansie ooit.

Ek wens ons kon soos gewoonlik by die see gaan vakansie hou het, maar my ma en pa het besluit ons gaan volgende Junie drie weke lank Wildtuin toe, en daarom kon hulle nie hierdie Desember verlof insit nie. My ma is buitendien besig met 'n Baie Belangrike Hofsaak en my pa hoop vanjaar se Kersinkopies gaan sy sportwinkel van ondergang red, so verlof is buite die kwessie.

Die deurklokkie begin weer “Jingle Bells” speel. My pa het laas naweek ons deurklokkie vervang met een wat net Kersfeesdeuntjies speel. Dit is sy patetiese manier om 'n bietjie Kersfeesgees in die huis te kry. Ek vermoed teen Junie volgende jaar, wanneer ons Wildtuin toe gaan, sal die deurklokkie nog steeds “Jingle Bells” speel, want laas jaar teen Paasfees het niemand nog daarby uitgekom om die vorige jaar se Kersboom weg te pak nie.

“Gaan jy nie oopmaak nie?” vra Adrian. Hy mors 'n blerts lemoensap op die tafel. Die tafel wat ék natuurlik pas skoongemaak het.

Ná hierdie vakansie gaan ons tandartsrekening hemelhoog wees, want ek is seker ek gaan my tande tot stompies kners.

Ek droog weer my hande aan die vadoek af en stap voordeur toe.

Waar daar natuurlik nog 'n meisie wag toe ek die deur oopmaak.

Hierdie een is blond en lyk omtrent so oud soos ek. Die eerste ding wat jy van haar raaksien, is haar oë. Groot en helderblou, met donker wimpers.

“Jammer, Donovan is nog besig,” brom ek. “Jy sal jou beurt moet afwag.”

'n Frons verskyn tussen haar oë. “Watse beurt? En wie's Donovan?”

“Is jy nie hier vir die soenlesse nie?” vra ek.

Links van die frons lig haar een wenkbrou 'n sentimeter of twee en sy glimlag so 'n halwe glimlaggie. “Soenlesse?”

My gesig begin gloei. “Uhm ... vergeet dit. Jammer. Kan ek help?”

“Sal jy my petisie teken?” vra sy en hou 'n papier na my toe uit.

Verbaas kyk ek na die bladsy. Dit lyk asof dit uit 'n notaboek geskeur is. Daar is 'n ry handtekeninge, adresse en telefoonnommers daarop.

“Ek dink nie so nie,” sê ek. My ma sê altyd 'n mens maak nooit jou handtekening op 'n stuk papier voordat jy elke enkele woord verstaan wat daarop geskryf is nie. Dis natuurlik by haar wat Adrian woorde soos “voetstoots” leer.

“Dis vir 'n goeie doel,” sê die meisie.

“Watse doel?” vra ek.

Haar halwe glimlag word 'n hele glimlag. “As jy wil, kan ek jou gaan wys.” Sy beduie na die afdrooglap in my hand. “Of wil jy liewer eers die skottelgoed klaar afdroog?”

My gesig word nog 'n paar grade warmer. “Uhm ... ek weet nie ...”

Ek is nog besig om 'n verskoning uit te stotter toe sy saggies begin lag. Haar kop is effens vooroor gebuig en sy hou haar hand voor haar mond, maar ek kan die terg in haar oë sien. “Komaan, ek is seker die skottelgoed kan 'n paar minute wag. As ek jou gewys het waarom die petisie gaan, sal jy dit beslis teken.” Sy vat my hand en trek my in die rigting van die voorhekkie. “O ja, my naam is Leila.”

## 2

# Die Boom

“’n Boom?”

Ek kyk verbaas na Leila.

Sy knik. “’n Witkaree. Wetenskaplike naam *Rhus pendulina*.”

“Aangename kennis, boom,” sê ek.

Die boom staan stil en effens treurig in die vroegoggendhitte.

Ek vryf oor die skurwe stam. “Is dit ’n bedreigde spesie of iets?”

“Nie regtig nie,” sê Leila sonder om na my te kyk. Sy kyk boontoe asof sy wil seker maak elke blaar is nog op sy plek. “Baie mense plant witkarees in hulle tuin. Hulle het nie baie water nodig nie en groei vinnig.” Sy klink ’n bietjie soos iemand wat ’n TV-program aanbied.

Ek frons. “So, hoekom het jy ’n petisie opgestel om die boom te red?”

Leila kyk lank na my, asof sy probeer besluit wat sy van my dink.

Ek wonder wat sy sien. Ek het nie blonde hare, blou oë en bultende spiere soos my oudste broer nie. Ek het nie ’n wipneus vol sproete en ’n opvreet-oulike gesiggie soos my kleinboetie nie. Nie dat ek dink my kleinboetie se gesig is opvreet-oulik nie, maar ou tannies is geneig om so te dink – net voordat Adrian hulle met die een of ander skelmstreek oorreed om vir hom geld te gee.

My hare is bruin en effens te lank en vol kroontjies wat dit gedurig in alle rigtings laat staan. My oë is groen. As ek by my broers is, is ek altyd die laaste een wat enige iemand raaksien. Marnus-die-middelmannetjie. Soms voel dit asof ek onsigbaar is.

Stadig blaas Leila haar asem uit terwyl sy my steeds stip dophou. “Dit is nie sommer enige boom nie,” sê sy. “Dit is die Boom in die Middel van die Heelal.” ’n Mens kan die hoofletters in haar stem hoor.

Voor ek dit kan keer, proes ek van die lag. Hierdie meisiekind is nie lekker in haar kop nie. Wat het my besiel om al die pad tot hier by die parkie te stap, drie straatblokke ver, sodat sy my ’n boom kan wys?

“Die Boom in die Middel van die Heelal?” vra ek.

“Vergeet dit.” Haar oë flits. “Ek het gedink ... Toemaar, los dit net.”

Sy klink meteens woedend, en ek verwag dat sy gaan omdraai en wegstap. Uit die manier waarop sy my aangluur, is dit duidelik dat sy verwag ék moet die pad vat. Ek laat my nie twee keer nooi nie. Met ’n skoueroptrek draai ek om en begin terug huis toe loop. Ek het nie lus vir mallerige meisiekinders se geselskap nie. Buitendien, ek het skottelgoed om te was.

Daar is nog net drie en twintig dae van hierdie aaklige Desembervakansie oor. Jip, ek het getel. Hoe vinniger ek vandag se skottelgoedbeurt agter die rug kry, hoe beter. Dan bly daar nog net twee en twintig wasbakke vol vuil skottelgoed oor.

“Toe ek klein was, het ek altyd in hierdie parkie kom speel,” sê Leila. Haar stem is so sag dat ek byna-byna nie kan hoor wat sy sê nie.

Ek gaan staan.

“Ek het in hierdie boom geleer boomklim.” Ek draai om, maar dit lyk of sy nie eens weet dat ek na haar staan en kyk nie. Dit lyk asof sy met die boom praat. “Nie alle bome is goeie boomklimbome nie. ’n Witkaree se stam is skurf en jy kan maklik jou velle verloor as jy gly. Dis nie regtig ideaal vir boomklim nie, maar hierdie een se takke is lekker laag en dik. Hulle groei naby aan mekaar sodat jy tot amper heel bo kan klouter. Perfek vir boomklim.” Sy streel oor die boom se stam.

Ons kyk albei om toe 'n wit bakkie oor die gras aangery kom.

“Dis hulle,” sê Leila met 'n donker stem.

Ek weet nie wie “hulle” is nie. Dalk die ouens met die wit jasse wat haar kom haal om haar te gaan toesluit in 'n plek vir mense wat met bome praat?

Ek voel dadelik skuldig oor die gedagte.

Die bakkie hou stil en twee mans klim uit. Een van hulle het 'n knipbord met papiere wat hom baie belangrik laat lyk. Sy hemp span oor sy maag sodat dit lyk of sy knope enige oomblik gaan afspring, en sy voorkop blink van die sweet.

Die ander een is lank en maer, met 'n spits gesig en 'n yl snorretjie. Hy kyk nie een keer na ons kant toe nie – hy begin net dadelik die boom bestudeer.

“Ek het 'n petisie opgestel,” sê Leila vir die man met die knipbord. Sy hou die papier met die handtekeninge na hom uit, asof sy wil wys haar papier is net so belangrik soos syne. “Amper vyftig mense het dit al geteken.”

Aan haar stemtoon kan 'n mens hoor Leila tel die stemme op haar petisie nes ek die dae aftel wat ek nog skottelgoed moet was.

Ek voel skielik sleg omdat ek nie my handtekening op die papier wou sit nie.

“Te laat,” sê die man sonder om van sy knipbord af op te kyk.

“Papierwerk is gedoen.”

“Maar dis 'n *petisie*!” sê Leila. Haar blou oë blits. “Mense het dit geteken omdat hulle nie wil hê die boom moet afgesaag word nie. Amper *vyftig* mense. Mense wat *omgee*. Julle kan tog nie net aangaan daarmee nie.” Haar stem ry op en af soos 'n wipplank.

Die man trek sy skouers op. “Probeer die munisipale bestuurder.”

“Die munisipale bestuurder?” vra Leila hoopvol.

“Met vakansie,” sê die man. “Einde Januarie terug.”

Dit klink of dit vir hom te veel moeite is om in volsinne te praat.

Die maer man begin met presiese treë rondom die boom stap. Hy kyk daarna soos ek en Donovan en Adrian altyd na die laaste skeppie Sondagmiddagpoeding in die bak kyk. Dit lyk asof hy van plan is om nie net die boom af te saag nie, maar dit te eet ook.

“Wanneer is julle van plan om dit af te saag?” Met die laaste paar woorde klink dit of Leila se stem oor ’n spoedhobbel jaag.

“Pyp word vroeg in Januarie gelê,” antwoord die man. “Boom moet vandag val.”

Leila trek haar asem skerp in. Haar oë rek. Sy begin haar sandale afstroop en skop dit eenkant toe. Voor ek kan vra wat sy doen, spring sy om en begin rats teen die boom opklouter.

“Waar gaan jy nou?” vra die man verbaas.

Leila se rok flap om haar bene. Ek staan saam met die twee mans van die munisipaliteit en kyk hoe sy haar op ’n tak tuismaak. Net haar twee kaal voete hang tussen die blare uit. Haar voetsole is vuilbruin soos die binnekant van haar sandale.

Die man van die munisipaliteit kyk pleitend na my, asof hy verwag ek moet iets doen. Ek trek net my skouers op. Die man sug en bring ’n sakdoek te voorskyn. Stadig vee hy die sweet van sy rooi voorkop af. “Daai meisiekind.” Hy skud sy kop. “Praat met haar,” sê hy vir my. “Die pypleiding. G’n keuse nie. Boom is in die pad.”

“Die boom was eerste hier!” roep Leila.

“Moenie worry nie, Mister Venter, sodra my span hier is, kan een van hulle met ’n leer opklim en die meisiekind daar afhaal,” sê die maer man met die rotgesig. Sy stemtoon is dreigend.

“Niemand vat aan my nie,” kom Leila se stem tussen die blare uit.

Ek kyk op na die boom. Strepies sonlig flits verblindend tussen die blare, amper soos wanneer die son op water speel. ’n Onverwagse duiseligheid laat die sonlig voor my oë swem. Dit lyk asof die boom stadig in die rondte draai. Ek knyp ’n oomblik lank my oë toe.

Ek dink aan my oudste broer wat vandag weer die hele dag lank langs die swembad gaan lê en dreig om my wedgies te gee as ek nie vir hom koeldrank aandra nie.

Ek dink aan my kleinboetie, die snotkop-slavedrywer, wat my elke oggend beveel om sy bed op te maak in ruil vir sakgeld.

Ek dink aan die deurklokkie wat “Jingle Bells” speel en die meisie met die draadjies wat betaal het sodat my broer haar kan soen.

Ek dink aan my skoolrapport. Ek het hierdie kwartaal 77% vir wiskunde gekry – meer as 10% beter as verlede kwartaal – en ek het die beste in my klas in Afrikaans gevaar. Meneer Fourie sê dis omdat ek sulke goeie opstelle skryf. My pa het nie eens my rapport raakgesien nie, want hy was te besig om Donovan uit te trap oor sy vrot punte en Adrian te prys oor sy briljante rapport. Maak nie saak wat gebeur nie, ek verdwyn altyd iewers tussen my twee broers. Altyd iewers in die middel, waar niemand my raaksien nie.

Toe ek weer my oë oopmaak, kyk ek af en sien die rooi-en-wit vadoek oor my skouer. Ek het skoon daarvan vergeet – ek het wraggies al die pad tot hier geloop, drie blokke ver, met ’n vadoek oor my skouer. Dit voel soos die soort vreemde ding wat Leila sal doen. Miskien is haar vreemdheid aansteeklik.

Ek dink aan die hoop skottelgoed wat by die huis vir my wag.

Bokant my skop Leila se twee vuil voete heen en weer tussen die groen blare.

Iewers koer 'n tortelduif.

Die rooigesig-man van die munisipaliteit snuit sy neus.

Ek dink partykeer doen 'n mens in 'n oogwink, sonder om te dink,  
iets wat jou hele lewe verander.

Jy vra iemand in die middel van 'n grilfliek om met jou te trou, soos  
my pa my ma gevra het.

Jy besluit vyfuur in die oggend jy is lus vir roomys, soos my pa se  
suster, tannie Karla, verlede jaar toe sy douvoordag in 'n motorongeluk  
beland het en verlam is.

Of jy klim agter 'n vreemde meisiekind aan in 'n boom, met 'n  
kombuisvadoek oor jou skouer.

# 3

## 'n Tannie in Pienk

“Julle kan nie vir die res van die dag daar bo bly nie. Die een of ander tyd moet julle afklim.”

Ek kan nie help om die rooigesig-man van die munisipaliteit so 'n klein bietjie jammer te kry nie. Hy het sy hemp se boonste twee knope oopgeknop en sy sakdoek is teen hierdie tyd vol sweetvlekke. Dit lyk asof hy wens hy het nou iewers langs 'n swembad gelê met 'n yskoue drankie in die hand, eerder as om met twee kinders te praat wat bo in 'n boom sit.

Ek weet nie hoe lank ons al hier bo sit nie, maar dit voel soos ten minste 'n uur of twee.

“Hy is reg,” sê ek saggies vir Leila. “Ons sal die een of ander tyd moet afklim.”

Leila glimlag vir my. Die boom gooi kollerige groen skaduwees op haar gesig. “Jy’s dapperder as wat ek gedink het,” sê sy.

Ek voel glad nie dapper nie. Ek voel dors en my boude is al seer gesit op die harde tak. Boonop is ek seker ek gaan binne die volgende uur of twee 'n badkamer nodig hê. Ek kan nie van die gevoel ontslae raak dat ons in die moeilikheid gaan beland nie.

“Ek sê nog steeds ons moet hulle net daar afhaal,” grom Rotgesig. Daar het intussen nog twee munisipale bakkies opgedaag. Agterop een van die bakkies is mans met kettingsae en ander gereedskap. Almal sit verveeld rond en wag dat ons uit die boom klim.

“Ons kan nie geweld gebruik nie,” sê Rooigesig. “Kan jy dink wat die media sal sê? Dis twee kinders.”

Ek en Leila grinnik vir mekaar. Besef hulle nie ons kan elke woord hoor nie?

Nes Leila skop ek liggies met my kaal voete in die lug. Ek het my tekkies en sokkies uitgetrek en in ’n mik neergesit. Ek hoop nie Leila kan my sokkies ruik nie. Ten minste is dit lekker koel bo in die boom. Dit ruik soos die buitekamer op my oupa-hulle se plaas waar hy die kaggelhout vir die winter bêre. Iewers bo ons koppe tjirp ’n voëltjie tussen die takke.

Ek glimlag toe ek skielik aan iets dink wat my pa partykeer sê. As hy baie moedeloos is of as dinge skeefloop, sê hy: “Ja-nee, vandag is weer ’n goeie dag vir boomklim.” My pa raak deesdae nogal gereeld moedeloos.

Skielik word die rustigheid verbreek deur ’n oorverdowende gekef.

“Trixi, Georgie, rustig nou, liefies,” sê ’n stem iewers onder ons. ’n Stem wat vaagweg bekend klink. “Wat is hier aan die gang?”

My maag gee ’n draai en ek stoot ’n paar blare uit die pad om te sien aan wie die stem behoort.

“Dis mevrou Merriman,” fluister ek benoud vir Leila. “Sy bly in dieselfde straat as ons. As sy my sien, gaan sy my ma-hulle bel.”

My ma sê mevrou Merriman is eksentriek. Ek dink dis net ’n mooi woord vir flippen weird. Sy dra altyd pienk klere en selfs haar gryns hare het so ’n pienkerige skynsel. Sy kom stap elke dag met haar twee poedels, George en Trixibelle, in die park. Ten minste een keer per maand kom lui sy ons deurklokkie om geld vir die Dierebeskermingsvereniging in te samel. My ma sê ons moet haar

ignoreer, maar my pa maak altyd die deur oop en luister geduldig hoe sy vertel van die arme diere wat in nood is.

Ek hoor hoe Rooigesig verduidelik van die boom wat afgesaag moet word om plek te maak vir die pypleiding.

“Wat ’n jammerte,” sê mevrou Merriman. “So ’n mooi boom.”

“Dit gaan ’n groter jammerte wees as mense nie meer drinkwater het nie,” sê Rooigesig nors. “En hondjies soos dié ook nie. Kan nie ons werk doen nie. Hier sit twee kinders bo in die boom.”

“Vreemd,” sê mevrou Merriman. Sy hou haar hand bo haar oë en tuur boontoe. Ek laat vinnig die blare los sodat sy nie my gesig kan sien nie. George en Trixibelle knor agterdogtig vir die geritsel van die blare.

Ek begin nou regtig bekommerd raak. As mevrou Merriman dink iets is vreemd, is dit nie ’n goeie teken nie. Sy het immers pienk hare.

’n Selfoon lui. “Hallo?” antwoord Rooigesig.

Ek en Leila kyk verbaas na mekaar.

“Sy selfoondeuntjie is Justin Bieber?” proes Leila met haar hand voor haar mond.

Ek trek my skouers op. Dalk het Rooigesig ’n tienerdogter by die huis. Donovan het eenkeer vir my ma ’n rowwe metal-liedjie as luitoon opgelaai. Ek wens ek kon haar klomp stywelip-kollegas se gesigte sien die eerste keer toe hulle haar selfoon gehoor lui het.

“Die kantoor,” sê Rooigesig vir Rotgesig toe sy selfoongesprek verby is. “Ons moet eers teruggaan.”

Verbaas sien ek en Leila hoe die mans in die bakkies klim.

“Moenie dink julle het gewen nie!” skree Rotgesig by sy bakkie se venster uit voordat hy wegtrek. “Ons kom terug!”

Toe hulle weg is, gee ek en Leila mekaar ’n high five. Haar hand is sag en koel teen myne. Sy grinnik van oor tot oor.

“So, wat nou?” vra ek vir Leila en strek my arms wat teen hierdie tyd al styf is. “Kan ons maar afklim?”

“Jy’t mos gehoor wat sê daardie man,” sê Leila. “Hulle gaan terugkom.”

Ek sê niks. Dit is nogal wat ek vermoed het sy gaan sê. Ek en Leila wip van die skrik toe ’n stem skielik reg onder ons praat. Ek gryp die tak vas om te keer dat ek afval.

Ek het ’n oomblik lank skoon van mevrou Merriman vergeet.

“Kan ek vir julle tweetjies koeldrank bring?” roep sy. “Julle is seker al dors.”

## 4

# Rolbalspelers

Ek en Leila sit 'n hele ruk lank in die boom sonder om met mekaar te praat. Dit lyk nie of die stilte haar pla nie. Sy sit met haar kop skuins gedraai, asof sy aandagtig na die getjirp van die voëls en die gedruis van die verkeer luister.

Ná 'n ruk skraap ek my keel. “Uhm ... ek moet die een of ander tyd by 'n toilet uitkom.”

My wange begin gloei. Hoekom voel dit so simpel om die woord “toilet” voor 'n meisiekind te sê? Meisies gaan ook tog toilet toe. Dalk is dit omdat ek nie 'n suster het nie.

“Probeer die rolbalbaan,” sê Leila. Sy beduie na die rolbalbaan oorkant die parkie, waar 'n klomp karre geparkeer staan. Van waar ons sit, kan ek ooms en tannies in wit klere op die baan sien rondstaan. Nou en dan tref die balle mekaar met 'n skerp klik-klik-geluid. “My ouma sê altyd hoe ouer 'n mens word, hoe swakker word jou blaas. Ek dink die meeste rolbalspelers is oud. So, ek wed jou daar's toilette. Maar jy moet gou maak, voor die mense van die munisipaliteit terugkom.”

Sy neem sommer net aan ek gaan saam met haar in die boom bly sit, besef ek skielik. Wie sê ek het nie iets beters om te doen nie? Eintlik behoort dit my vies te maak. Maar om die een of ander rede laat dit my eerder half ... trots voel. Dit voel asof sy my vertrou.

Versigtig klouter ek ondertoe. My bene is effens wankelrig toe ek uiteindelik weer op vaste grond staan. Hoe lank was ek daar bo in die boom? My horlosie lê op die kombuistafel, want ek het dit afgehaal voor

ek skottelgoed begin was het. My selfoon is in my kamer. As Donovan of Adrian my boodskappe lees, gaan ek hulle doodmaak.

“Gaan jy nie ook afklim nie?” vra ek vir Leila. “Hier’s niemand nie.”

“Liewer nie,” kom haar stem tussen die blare uit. “Ek dink dis beter as een van ons heeltyd hier bo bly. Net ingeval.”

Ingeval wat gebeur? Ek vra liewer nie.

Die son bak in my nek terwyl ek in die rigting van die rolbalbaan stap. Ek probeer om nie te hard te dink aan wat ek en Leila besig is om te doen nie. Miskien het Rooigesig die polisie gaan haal om ons uit die boom te kry. Dalk gebruik hulle traangas of rubberkoeëls, soos op TV. Donovan en Adrian gaan só jaloers wees.

Die rolbalklub se hek staan oop. Dit is stil, behalwe vir die geluid van balle wat nou en dan teen mekaar klik-klik, elke keer gevolg deur ’n beleefde handegeklap. Op ’n bord bokant die heining staan *Private Eiendom. Geen Toegang. Oortreders Sal Vervolg Word*. Ek probeer my bes om te lyk of ek nie ’n oortreder is nie. Dis moeiliker as wat dit klink. As jy dertien jaar oud is, ’n Quiksilver-T-hemp dra en ’n rooi vadoek oor jou skouer het, is dit nie maklik om by ’n rolbalkklub in te stap sonder dat iemand jou raaksien nie. Ek kan nie glo ek het nie die vadoek in die boom gelos nie.

Wonder bo wonder sien niemand my raak nie. Ek kry maklik die bordjies met die mannetjie en die vroutjie. Ek glip vinnig by die manstoilet in.

Dis heerlijk koel binne en dit ruik lekker. Aan die relings teen die mure hang spierwit handdoeke en op elke wasbak is ’n botteltjie seep. Ek sluit myself in ’n toilethokkie toe, voor iemand dalk inkom. Toe ek klaar is, was ek my hande terwyl ek vir myself in die spieël bo die wasbak kyk. Ek is amper teleurgesteld om te sien ek lyk nog steeds

dieselfde as toe ek vanoggend opgestaan het – vaalbruin hare wat effens te lank is en weier om plat te lê, groen oë, effense bakore. Dis nie juis hoe ek dink iemand behoort te lyk wat besig is om die wet te oortree nie. Ek is seker dis onwettig om bo in 'n boom te sit sodat die munisipaliteit dit nie kan afkap nie. My ma sal seker weet. Dis beslis ook onwettig om hier in die badkamer te wees. Die bordjie by die hek sê so.

“Wat soek jy hier?”

Die growwe stem laat my maag draai en my bene word lam.

Om die een of ander rede laat die man wat die deuropening vol staan, my dadelik aan 'n reusagtige Lego-mannetjie dink – hy is tegelyk rond en vierkantig. Sy skouers is breed, maar sy bors lyk soos 'n wynvat onder sy kakiehemp. Sy kop is heeltemal kaal en blink, en sy bruin gesig is vol groot sproete wat lyk of dit daarop geverf is. Selfs sy hande wat langs sy sye hang, lyk soos 'n Lego-mannetjie se knyperhande.

“Uhm ... my oupa speel hier rolbal?” stotter ek. Ek wens dadelik ek kon die vraagteken aan die einde van my sin uitvee.

Die man maak 'n gromgeluid diep uit sy bors. “Kyk, ou seun, ek is al jare lank die caretaker by hierdie klub. Ek ken elkeen van die lede se kinders en kleinkinders. Ek weet selfs wat die meeste van hulle se honde se name is. Hoekom praat jy nie maar die waarheid nie?”

Ek sluk. Daar is nie 'n manier hoe ek gaan wegkom nie – die Lego-man staan die hele deuropening vol.

“Ek ... wel ... dit het alles begin toe ek vanoggend skottelgoed gewas het ...” begin ek vertel. Die vadoek oor my skouer behoort hom darem te oortuig dat ek dié keer die waarheid praat.

Hy luister uitdrukkingloos terwyl ek vertel van Leila en die boom en die mans van die munisipaliteit. “En ek het dringend 'n toilet nodig gehad ...” sluit ek af.

'n Oomblik lank bly sy gesigsuitdrukking gevries soos 'n plastiekmannetjie s'n. Dan begin hy onverwags lag. "Ek weet presies van watter boom jy praat. Stap saam met my, ek moet hierdie Leila-meisie ontmoet."

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## 5

# Op 'n eiland

Toe ek en die opsigter terug by die boom kom, sit mevrou Merriman en haar twee poedels op 'n piekniekkombers onder die boom.

Bo hulle koppe hang Leila se voete tussen die blare uit.

“Aangename kennis, Mevrou,” groet die opsigter met 'n kopknik. As hy verbaas is om 'n tannie met pienk hare en twee pienk poedels op 'n pienk piekniekkombers onder die boom te sien sit, is hy te beleefd om dit te wys. “Ek is John Carelse, caretaker van die rolbalbaan.”

Mevrou Merriman steek haar hand uit. “Ek is Theresa Merriman,” sê sy. “En dis George en Trixibelle.”

“Uhm ... en dis Leila,” sê ek en beduie in die boom op.

Leila loer tussen die blare uit en glimlag vir die opsigter. In haar een hand is 'n blikkie koeldrank.

“Marnus, meneer Carelse, hoe lyk dit met 'n blikkie koeldrank?” vra mevrou Merriman. “Ek het genoeg gebring. Dis lekker koud.”

“Noem my sommer John,” sê die opsigter vir mevrou Merriman. “Of die Caretaker. Dit is wat die meeste mense my noem.” Hy vat die blikkie koeldrank by haar. “Baie dankie.”

Mevrou Merriman skuif op en beduie ons moet op die piekniekkombers kom sit.

Die opsigter maak sy groot lyf op die punt van die kombers tuis. Ek bly ongemaklik rondstaan.

“So, julle twee gaan hierdie boom probeer red?” vra die Caretaker en knak sy koeldrankblikkie oop.

“Dis eintlik Leila se plan,” sê ek.

“Hulle kan nie die boom afsaag terwyl ons daarin sit nie,” sê Leila bo ons koppe.

Die opsigter leun agtertoe met sy hande agter hom op die gras gestut en tuur in die boom op. “Dis ’n goeie boom,” sê hy met ’n kalm, rustige stem. “’n Boom soos dié behoort vir altyd te wees.”

Ek en Leila sê niks.

Mevrou Merriman sit haar hand op die Caretaker s’n. “Dit is baie mooi woorde, John,” sê sy. “’n *Boom soos dié behoort vir altyd te wees.*” Dit lyk asof sy die woorde met haar koeldrankstrooitjie opgesuig het en nou versigtig daaraan proe.

Die Caretaker sug. “Daar’s baie dinge wat vir altyd behoort te wees. Ek het in die Kaap grootgeword. Distrik Ses. Dit was goeie tye. Distrik Ses was die soort plek wat sy eie geluide en reuke en smake gehad het. As ek my oë toemaak, kan ek dit nog hoor en ruik en proe. Op ’n ander manier was dit slegte tye. In die sewentigs het die regering besluit die bruin mense moet trek. Teen daai tyd was ek al getroud en ek het in Johannesburg gewerk. My jonger boetie was nog by my ma-hulle in die huis. Hy en sy maats het voor die stootskrapers gaan lê, daardie dag toe hulle gekom het om die huise plat te stoot.”

Ek probeer my indink hoe dit moet voel om op die grond te lê terwyl ’n reusagtige stootskraper op jou afgedreun kom.

“En het dit gewerk?” vra ek.

“Natuurlik nie, Marnus!” sê Leila ongeduldig. “Het jy nog nooit van Distrik Ses gehoor nie?”

Oom John glimlag vir my. “Nee, niemand het hulle aan my broer en sy maters gesteur nie. Die polisie het hulle met sambokke verwilder en

die huise is platgestoot. Maar nou ja, dit is ander tye. Dis goed as iemand nog bereid is om te baklei vir 'n boom.”

Hy kyk op sy horlosie. “Julle moet my verskoon. Ek moet aanstaldes maak. Daar’s vandag ’n groot toernooi en ek word nie betaal om hier in die parkie rond te sit nie. Baie dankie vir die koeldrank, mevrou Merriman.”

“Theresa, asseblief,” sê sy.

Die Caretaker knik. Dan kyk hy na my, en op in die boom. “Ek sal later weer ’n draai kom maak,” sê hy.

Toe hy wegstap, is ons al drie ’n rukkie lank stil. Ek dink Leila en mevrou Merriman dink ook oor die Caretaker se storie. Dit moet baie, baie moed vat om voor ’n stootskraper te gaan lê. Ek sal dit nie vir Leila sê nie, maar as Rotgesig of Rooigesig met die munisipale bakkie hier stilhou en met ’n sambok uitklim, gee ek dadelik pad.

My oë dwaal na die tak waar Leila sit.

Ek kan nie besluit of ek veronderstel is om by mevrou Merriman op die piekniekkombers te sit of terug in die boom te klim nie. Dalk sien mevrou Merriman ek is ongemaklik, want sy knipoog vir my en beduie in die boom op. Verlig klouter ek boontoe.

Leila glimlag toe ek weer langs haar op die tak gaan sit. “Ek het nogal gewonder of jy sal terugkom.” Die blare gooi groenerige skaduwees op haar gesig.

Ek trek my skouers op. “Dis ’n goeie dag vir boomklim,” sê ek.

Leila kyk vraend na my, maar ek weet self nie regtig wat my pa se sêding beteken nie. Ek probeer liewer nie verduidelik nie.

“Ek wonder hoe lank dit sal wees voor daardie mense van die munisipaliteit terugkom,” sê mevrou Merriman.

Nie ek of Leila waag 'n raaskoot nie. Ons sit en kyk hoe een van mevrou Merriman se hondjies opstaan en sy been teen die boom kom lig.

“Sal julle omgee as ek nog 'n rukkie langer hier bly sit?” vra mevrou Merriman. “Ek belowe ek sal nie pla nie.”

“Natuurlik nie,” sê Leila.

Mevrou Merriman grawe in haar pieknieksak en bring 'n tydskrif en 'n potlood te voorskyn. Sy blaai tot by 'n blokraaisel en begin saggies neurie terwyl sy dit invul. Nou en dan hou sy op neurie en dink 'n oomblik lank oor 'n leidraad voordat sy dit invul.

Dit raak nou regtig warm. Ek begin na ons swembad verlang. Selfs al weet ek Donovan lê seker nou uitgestrek langs die swembad en wag dat ek moet kom swem sodat hy my kan probeer verdrink en swembroekwedgies kan uitdeel. Van wedgies gepraat – dit voel asof die tak waarop ons sit, besig is om my een te gee. Ek skuif ongemaklik rond en sug verveeld.

“Jy's op 'n eiland gestrand,” sê Leila, “en jy het net drie dinge by jou. 'n Uitveër, 'n verestoffer en 'n rol toiletpapier. Wat sal jy daarmee doen?”

Ek frons. “Wat?”

“Wat sal jy met daardie drie goed doen?” vra sy. “Dis 'n speletjie wat ons altyd gespeel het as ons langpad gery het en ek verveeld was in die kar.”

Ek trek my skouers op. “Ek weet nie. Daar's seker niks wat jy met 'n uitveër kan doen as jy op 'n eiland gestrand is nie.”

“Wel, as julle nie daardie uitveër gaan gebruik nie, leen dit vir my,” sê mevrou Merriman onder ons. “Ek het pas hierdie tennisspeler se naam verkeerd gespел en ek het nie 'n uitveër saamgebring nie.”

“Daar’s niks wat jy met een van daai goed kan doen as jy op ’n eiland gestrand is nie,” brom ek.

“Dis wat jy dink!” sê Leila. Haar oë vonkel en sy byt op haar onderlip. “Dalk is dit ’n helderkleurige uitveër ... en jy kan dit in stukkies breek en dit in die water gooi om visse te lok. Dan kan jy hulle vang en eet!”

“Ek het nog nooit gehoor van visse wat uitveërs vreet nie,” mompel ek.

Toe Leila niks sê nie, vra mevrou Merriman: “En wat van die verestoffer?”

“Dalk is daar mensvreterers op die eiland,” sê Leila en leun met ’n gaap teen die boomstam. “En dan kan ek die verestoffer soos ’n waaier gebruik om die mensvreterkoning koud te waai – en in ruil daarvoor sal hy my nie opvreet nie.”

“En die toiletpapier?” wil ek weet.

Leila rol haar oë. “Duh! Wat dink jy doen ’n mens met toiletpapier?”

My gesig word warm. Al weer die ding met meisies en toiletgoeters.

Ons sit ’n rukkie lank en staar na die parkie. Nou en dan kom daar drawwers verby, of mense wat met honde of met kinders in stootwaentjies stap. Net ’n paar mense sien my en Leila waar ons bo in die boom sit. Mevrou Merriman en haar poedels kry egter ’n hele paar vreemde kyke, maar sy is seker al gewoond daaraan, want dit lyk glad nie of dit haar pla nie. Teen middagete haal mevrou Merriman ’n pakkie vleispasteitjies uit haar pieknieksak en gee dit vir ons aan. George en Trixibelle kry ook elkeen een. Dit lyk sowaar of sy van plan is om die res van die dag net hier onder die boom te sit.

Toe ons klaar geëet het, klim Leila ondertoe. Sy rek haar uit en gesels met mevrou Merriman. Dan stap sy in die rigting van die rolbalbaan.

Die opsigter het gesê ons kan enige tyd die badkamers gebruik. Toe Leila deur die rolbalbaan se hek verdwyn, oorweeg ek dit om af te klim. Ek kan my maklik uit die voete maak terwyl sy weg is. Al wat ek vir mevrou Merriman sal sê, is dat ek nog die res van die skottelgoed moet gaan was. Maar toe ek die blare eenkant toe trek, sink my moed in my skoene.

“Hier kom iemand aangestap,” sê mevrou Merriman.

“Hier kom moeilikheid,” sê ek mismoedig.

Donovan kom onder die boom tot stilstand. “Hallo, Tannie,” groet hy. George en Trixibelle knor waarskuwend vir hom.

“Middag, jong man,” groet mevrou Merriman. “Waarmee kan ek help?” Sy klink soos ’n ontvangsdame. *Goeiemiddag, en baie welkom by Leila en Marnus se takkantoer.*

Donovan lig sy pet se rand effens op en trap ongemaklik rond. “Uhm ... my broer is weg. Ons soek al heeldag na hom. Een van my pelle het vir my ’n boodskap gestuur om te sê hy het hom hier in die parkie gesien.” Hy kyk op. Duidelik weet hy presies waar ek is. “Marnus, wat de hel soek jy daar bo in die boom soos ’n bobbejaan?” Hy loer verskonend na mevrou Merriman. “Sorry, Tannie. Marnus, Ma het uitgevind jy’s weg en sy het amper die polisie gebel om jou as vermis aan te gee. Jy beter huis toe kom.”

“Ek bly net hier,” sê ek. Dis makliker om hardekwas te wees as jy bo in ’n boom sit.

Donovan gluur my aan. Sy proteïendrankie-spiere bult onder sy help-my-sterk-lyk-hempie. Ek kan sien hy brand om my die ergste wedgie in die geskiedenis te gee, een wat in die rekordboeke opgeteken sal word. Maar hy trek net sy skouers op asof hy wil sê: *Moenie sê ek het jou nie*

*gewaarsku nie.* Hy grawe sy selfoon uit sy broeksak. Ek sluk benoud. Ek het geweet hier kom moeilikheid.

“Hallo, Ma,” sê Donovan. Pouse. “Ja, hy’s hier. Hy sit in ’n boom.” Pouse. “Nee, hier’s ’n tannie by hom.” Hy vat die foon weg van sy oor en kyk op. “Marnus, Ma wil met jou praat.”

Ek sluk benoud. “Ek kan nie afkom nie,” sê ek. “Ek het Leila belowe een van ons sal heeltyd hier bo bly.”

“Hy wil nie uit die boom uit kom nie, Ma,” rapporteer Donovan met ’n grynslag. “Hy sê iets van ’n meisiekind.”

Ek kry sy ore jammer, want ek kan my ma se stem soos ’n woedende perdeby tot hier bo in die boom hoor zoem. Daardie stemtoon ken ek baie goed. Dis die stemtoon wat geharde misdadigers tot trane kan dryf as sy hulle in die hof beetkry.

Donovan laat weer die foon sak. “Ma sê as jy nie nou dadelik huis toe gaan nie, gaan ...” Hy kyk weer verskonend vir mevrou Merriman. “My ma is ’n advokaat en sy kan nogal lelik praat as sy kwaad is, Tannie. Marnus, Ma sê as jy nie nou dadelik huis toe kom nie, gaan sy ... Hei, wat doen jy? Gee terug my selfoon!”

Hy swaai verbaas om. Leila staan agter hom, met sy selfoon in haar hand. Waar sy voor my broer staan, lyk sy selfs kleiner en fyner as die eerste keer toe ek haar gesien het. Donovan waag dit nogtans nie om sy foon van haar terug te vat nie.

Leila hou die selfoon teen haar oor. “Hallo, Mevrou,” sê sy. “My naam is Leila. Ek en Marnus is saam in die boom hier in die parkie. Als is cool. Dis net ’n protesaksie. Ek dink dis ons grondwetlike reg. Moenie bekommerd wees nie, ons is heeltemal veilig.”

Sy gee die selfoon vir Donovan terug en klouter rats tot langs my op die tak. Asof niks gebeur het nie. Asof sy nie pas die woorde “als is

cool” vir my ma gesê het nie. Ek wens ek kan my ma se gesig sien.

Donovan luister ’n oomblik lank na my ma. “Reg, Ma,” sê hy en druk die foon dood. Hy kyk op na my. “Jy’s flippen mal.” Hy kyk weer verskonend na mevrou Merriman. “Sorry, Tannie, maar hy is.”

Hy draai om en begin terugstap huis toe.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## 6 'n Kringetjie Kerse

Toe dit skemer word, bêre mevrou Merriman haar blokraaisels. Sy staan op en begin die pienk piekniekkombers toevou. Die twee poedels gaap en strek hulle uit.

“Luister, julle twee, dis ongelukkig tyd dat ek huis toe gaan,” sê sy. “Maar ek wil julle nie graag alleen hier los nie.”

Ná vandag kyk ek met nuwe oë na mevrou Merriman. Sy lyk dalk oud en pienk, maar jy moenie met haar sukkel nie. Dis ’n les wat my pa vroeër vanmiddag geleer het.

My pa het op sy dag vir die Cheetahs uitgedraf. As hy nie ’n ligament geskeur het nie, kon hy vir die Springbokke gespeel het. Wel, dis wat hy altyd vertel as hy rugby kyk en ’n bier of drie gedrink het. Dis vreemd, maar nie een van ons drie seuns hou daarvan om saam met my pa rugby te kyk nie. Hy baklei altyd met die spelers, asof hy vir elkeen van hulle persoonlik kwaad is. Ek dink hy is eintlik net kwaad omdat sy sportwinkel nie so goed vaar nie. Donovan is die enigste een van ons drie wat my pa se rugbytalent geërf het, al vermoed ek hy hou deesdae meer van swem. Ek speel ook rugby, maar ek speel vir die derde span. Adrian weier om aan sport deel te neem, want hy sê dit meng in met sy sakebedrywigheide.

My ma werk steeds aan haar hoëprofielsaak, daarom het sy vroeër vanmiddag my pa gestuur om my te kom haal.

“Magtig, Marnus, jy’s mos nie meer sewe jaar oud nie! Wat soek jy daar bo in die boom? Klim af! Moenie dat ek jou daar kom afhaal nie

...”

Ek was natuurlik doodskaam omdat Leila en mevrou Merriman als moes sien en hoor. Toe sit mevrou Merriman haar hand op my pa se skouer en begin met hom gesels.

Ek wens ek kan alles onthou wat sy vir hom gesê het. Dit het basies daarop neergekom dat ek en Leila verskriklik dapper is en dat sy ons bewonder vir wat ons doen en dat my pa ons ’n kans moet gee.

Ek kon dit nie glo nie, maar sy het dit reggekry om hom te oorreed. Wel, dit het dalk ook gehelp dat daar op die oomblik ’n sewestoernooi aan die gang is en dat een van die halfeindstryde vanmiddag op TV was. Terwyl my pa weggestap het, het hy net iets gebrom oor my ma wat glad nie gelukkig gaan wees nie en hy wat die spit sal moet afbyt.

“Ons sal oukei wees, mevrou Merriman,” ruk Leila se stem my terug na die hede. “Moenie bekommerd wees nie.”

“Ek sal hier by hulle bly,” sê ’n sagte, rustige stem.

Ek kyk verbaas af. ’n Vrou het ongemerk tot by die boom gestap. Sy staan stil en kyk terwyl mevrou Merriman en die honde wegstap. Haar lang blonde hare waai liggies in die aandwind wat opgesteek het.

Toe sy opkyk, herken ek dadelik haar oë.

“Leila,” sê sy met ’n sug.

Dit kan net Leila se ma wees. Hulle het dieselfde groot helderblou oë. Leila sê niks.

Ek waai huiwerig vir die tannie.

“Ek gaan vir ons komberse haal,” sê sy. “En iets om te eet.”

Ek onthou nou eers dat Leila gesê het die parkie is naby hulle huis.

“Kom ons kyk wie sien eerste die aandster,” sê Leila toe haar ma weg is. Sy laat dit klink asof niks gebeur het nie.

Ons sit ’n rukkie lank in stilte.

“Ek wen,” sê sy en beduie. “Daar is hy, aan die punt van daardie tak.” Sy lag. “Toemaar, ek het gekroek. Ek weet presies waar hy elke aand verskyn.”

My lyf voel teen hierdie tyd asof ek met ’n olifant gestoei het. My een been is morsdood gesit.

“Ons kan nie hier bo in die boom slaap nie,” sê ek vir Leila. “Ons sal ons vrek val.”

“Ons kan beurte maak,” stel sy voor.

“Die mense van die munisipaliteit het nie vandag teruggekom nie,” sê ek. “Wat is die kans dat hulle in die middel van die nag sal terugkom en die boom afsaag?”

Ek verbeel my ek kan aan die geritsel van die blare hoor hoe Leila haar skouers optrek. “Ek weet nie. Ek gaan nogtans nie ’n kans vat nie. Jy kan maar huis toe gaan as jy wil. Ek bly net hier.”

Ek klouter af. Onder op die grond spring-spring ek stywerig rond totdat ek weer al twee my bene kan voel. Toe gaan sit ek met my rug teen die boomstam.

’n Rukkie later kom Leila se ma in die skemer aangestap. Sy het komberse en ’n mandjie by haar.

“Wat is jou naam?” vra sy terwyl sy dit onder die boom neersit.

“Marnus, Tannie,” antwoord ek.

Ek hoop sy weet die hele boomstorie was haar dogter se idee, nie myne nie.

’n Plastieksak ritsel en ’n oomblik later kras ’n vuurhoutjie teen ’n boksie. Die tannie steek ’n paar kerse aan en pak hulle in ’n kring rondom die boom. Dan hou sy ’n kombers na my toe uit. Ek vat dit verleë.

Dit lyk asof Leila en haar ma nie eintlik met mekaar praat nie. Dit lyk ook asof hulle ewe vreemd is. Die kerse wat so rondom die boom gepak is, lyk soos iets uit 'n flik of 'n boek. Ek moet erken, op 'n manier hou ek nogal daarvan. Leila en haar ma lyk soos mense wat gewoon is daaraan om dinge by kerslig te doen. In ons huis gebruik ons net kerse as die krag af is.

Ek sprei die kombers op die gras oop en gaan lê daarop. Die wind het stil geword. Kriekes hou konsert in die donker, in die verte speel musiek en blaf honde, en 'n ent weg in die straat dreun daar nou en dan 'n motor verby.

Een van die motors draai by die parkie in. Ek sit en kyk hoe die ligte stadig tussen die bome deurvleg en al hoe nader kom. Die gedreun word harder en ek moet my hand voor my gesig hou teen die skerp lig wat skielik oor ons val. 'n Deur knars oop.

“Marnus?”

Agge nee. Ek moes dit verwag het.

Ek spring op en klouter vinnig terug in die boom.

“Ja, Ma?” sê ek vanaf die veiligheid van die onderste tak.

My ma kom nader gestap. Motte en stof dwarrel voor die skerp motorligte verby. Dit lyk of my ma se werksklere sedert vanoggend nog nie 'n enkele kreukel gekry het nie en elke haar is perfek op sy plek. Sy lyk baie anders as Leila se ma met haar gekreukelde bont blommetjiesromp en deurmekaar, lang hare.

“Dis nou genoeg van hierdie nonsens, Marnus, kom huis toe. Ek gaan jou pa verwurg. Ek kan nie glo hy het jou net hier gelos nie.”

Eintlik behoort dit nie regtig vir haar 'n verrassing te wees nie. My pa het ons drie seuns een Saterdag saamgevat om rugby te kyk, en agterna vir Adrian by die stadion vergeet. Dit was darem nie nét my pa se skuld

nie. Adrian het bestellings gevat en in die rye gaan staan vir mense wat nie drinkgoed wou gaan koop terwyl die wedstryd aan die gang was nie. Teen 'n stewige wins natuurlik. Ek en Donovan het niks gesê nie, want ons wou kyk hoe lank dit vat voor my pa agterkom Adrian is nie in die kar nie. Ons het al in ons motorhuis stilgehou toe hy die eerste keer besef het iets is fout.

“Marnus, kom af daar. Ek praat nie weer nie.”

Ek haal diep asem. “Ma, ek gaan vanaand hier slaap. Ek en Leila gaan hier bo in die boom bly totdat die mense van die munisipaliteit besluit het om dit nie af te saag nie.” Ek sluk. “Ma sê altyd 'n mens moet baklei vir wat reg is. Dis wat ek en Leila doen.”

Ek dink weer aan die Caretaker se storie oor die stootskrapers en ek voel om die een of ander rede skuldig.

“Moenie belaglik wees nie, Marnus!” knor sy. “Dis nie dieselfde nie.”

“Dit ís,” stry ek. “Ons baklei net nie in 'n hof nie, ons baklei ... uhm ... in 'n boom.”

Partykeer maak 'n idee soveel sin terwyl dit nog in jou kop is, maar sodra dit by jou mond uitkom, klink dit of jy toiletsproei gesnuif het.

My ma sug. “Asseblief, Marnus, ek het nie die krag hiervoor nie. Dit was 'n lang en moeilike dag. Ek sal môre die munisipaliteit bel en hoor of al die regte prosedures gevolg is om die boom af te saag. Dalk is daar iewers 'n skuiwergat. Daar is niks wat ek of jy of ... ” Sy kyk na Leila se ma en na Leila se voete wat soos twee bleek nagdiertjies tussen die blare uitloer. “... enige iemand anders nou daaraan kan doen nie. Kom klim in die kar.”

“Ek gaan nie huis toe nie,” sê ek vasbeslote. “Niemand by die huis sien my ooit raak nie. Ek is net almal se slaaf. As Adrian nie geklik het

nie, sou Ma seker eers môreoggend uitgevind het ek is weg.”

“Snert!” sê my ma. Haar stem styg gevaarlik. “Dis nie nodig om in ’n blerrie boom te klim as jy aandag soek nie.”

Ek het sommer skielik lus en vertel haar hoe Donovan my boelie en hoe Adrian my afpers, maar as Donovan uitvind ek het geklik, sal ek die res van my lewe hier bo in die boom moet bly. Ek is boonop van Adrian afhanklik vir die res van die vakansie se sakgeld.

Ek vou my arms. “Ek bly net hier.”

Skaakmat.

Ek en my ma gluur mekaar aan.

“Dis darem ’n veilige buurt hierdie,” sê Leila se ma versigtig. Haar stem klink sag in vergelyking met my ma s’n. “Ek sal hulle nie vannag alleen los nie.”

My ma knyp die stukkies vel tussen haar wenkbroue vas en maak haar oë toe. Sy doen dit altyd as sy haarself probeer dwing om te kalmeer. Dan skud sy haar kop en stap terug kar toe. Ek ken haar lank genoeg om te weet sy het nog glad nie die stryd verloor nie. Sy is wel besig om haar humeur te verloor, en my ma glo ’n advokaat moet altyd koel en kalm bly.

Die Renault se enjin grom woedend toe sy wegtrek.

Toe die motor se gedreun stil raak, sê Leila langs my in die donker: “Jy en jou ma, julle is nogal baie dieselfde.”

# 7

## NaggeLuide

Ek moes aan die slaap geraak het, want ek skrik wakker toe iemand my naam saggies roep.

“Marnus!”

’n Benoude fluisterstem.

Verward sit ek regop. ’n Oomblik lank het ek geen benul waar ek is nie. Dan onthou ek van die boom.

“Hier’s ... iets,” fluister Leila se ma. Ek hoor hoe sy in die donker rondvroetel en dan grrrts ’n vuurhoutjie. Haar gesig lyk spookagtig in die geel ligkolletjie en haar oë is groot en verskrik. Sy hou die brandende vuurhoutjie bo die piekniekmandjie. “Iets ... of iemand het ons kosmandjie geplunder,” sê sy.

Ek vou my arms voor my bors en kyk benoud rond. Die vuurhoutjie gaan dood en dadelik is alles weer stikdonker. Ek kan my hart in my ore hoor klop. Dit voel of die donker ons dophou. Skielik wens ek ek was by die huis in my bed.

Meneer Fourie sê my opstelle wys ek het ’n goeie verbeelding. Partykeer is ’n goeie verbeelding glad nie so ’n goeie ding nie. In my gedagtes kan ek allerhande nare koerantopskrifte sien oor twee kinders en ’n vrou wat laatnag in ’n parkie vermoor is.

Leila se ma trek nog ’n vuurhoutjie en sukkel om een van die kerse aan die brand te kry. Uiteindelik flikker die vlammetjie dofweg.

“Miskien moet julle ook hier bo kom sit,” stel Leila voor.

My verbeelding is beslis nie goed genoeg om 'n prentjie te maak van my ma wat in 'n boom klim nie. Leila se ma laat haar nie twee keer nooi nie. Ek kan sien waar Leila haar boomklim-talent geërf het. Die tannie vat haar romp in 'n bondel saam en soos blits klouter sy boontoe. 'n Oomblik lank oorweeg ek dit om maar hier onder te bly. Hoe vreemd is dit om in die middel van die nag saam met Leila én haar ma bo in 'n boom te sit?

Dan hoor ek iets in die donker. Naby my.

Leila en haar ma gil.

Ek is seker ek breek die een of ander boomklimrekord.

In stilte sit ons en luister. Die blare fluister in die wind en onder ons waai die kers dood. Ek haal skaars asem. In die stikdonkerte ritsel papier, en dan is daar 'n gesteun en gulsige eetgeluide.

Leila en haar ma moet asseblief nie nou weer begin gil soos die meisies in flieks nie. Ek is die enigste man hier bo in die boom, al is ek net dertien jaar oud en die kleinste ou in my klas. Ek is seker veronderstel om hulle te probeer kalm hou of hulle te beskerm of so iets. Ek weet nie eintlik hoe 'n mens veronderstel is om meisies en hulle ma's kalm te hou en te beskerm as jy bo in 'n boom sit terwyl die een of ander nagsluiper julle kos steel nie. As my ma hier was, sou sy die skurk lankal met haar advokaatstem weggejaag het. My ma is gewoonnd daaraan om moordenaars en rowers en ander gomtorre die skrik op die lyf te jaag. Selfs my pa is bang vir haar, al sal hy dit nooit erken nie.

Dit voel soos 'n ewigheid voor die eetgeluide stil word.

“Is hy weg?” fluister Leila.

Niemand antwoord nie.

“Hallo?” vra ek versigtig. Ek dink aan die eenoogman wat altyd by die verkeerslig voor die universiteit bedel en my koue rillings gee as hy

met daardie een oog van hom by die kar se venster inloer.

Alles is doodstil.

“Hy’s beslis weg,” sê Leila.

“Ek bly net hier,” sê haar ma.

Toe dit duidelik is dat die nagloper nie van plan is om dadelik terug te kom nie, begin ek ontspan.

Ek gaap.

Vir die duisendste keer wens ek ek het my selfoon hier gehad om te sien hoe laat dit is, of ten minste speletjies te speel om die tyd om te kry. Teen hierdie tyd sou die battery seker in elk geval pap gewees het, want ek het die oudste foon in ons huis. Ek dink Jan van Riebeeck het ’n Nokia soos myne gebruik. Ek het geen idee hoe lank ek netnou geslaap het nie. Arme Leila het seker nog nie ’n oog toegemaak nie, want ek het die eerste slaapbeurt gekry.

Hoendervleis krielwel weer oor my arms, maar hierdie keer is dit darem nie omdat daar geheimsinnige geluide in die donker is nie. Die naglug is nogal koel. Die stilte begin op my senuwees werk en ek skraap my keel.

“Uhm ... jy is op ’n eiland gestrand,” sê ek, “en jy het net drie dinge by jou. ’n Koerant ... ’n stuk tou en ... ’n Bar-One. Wat sal jy daarmee doen?”

Leila lag saggies. “Die koerant is maklik – ek sal dit gebruik om vir my ’n sonhoed te vou ... en ’n soort sonskerm te bou sodat ek nie so rooi soos ’n kreef verbrand nie.”

“As die tou lank genoeg is, sal ek ’n hangmat vleg,” sê Leila se ma. “Dan kan ek lekker in my hangmat lê en koerant lees tot iemand my kom red.”

Ek glimlag. “Die Bar-One is die maklikste. Ek sal dit opeet.”

“Nee!” sê Leila se ma. “Ek sal dit iewers neersit sodat dit goggas kan lok. Ek het iewers gelees as jy sonder kos gestrand is, is insekte ’n uitstekende bron van proteïen.”

“Gross!” sê Leila. “As dit ’n mensvreter-eiland is, sal ek die tjoklit vir die mensvreterprins present gee. Dalk raak hy dadelik verlief op my as hy dit proe, en dan word ek ’n mensvreterprinses en bly vir die res van my lewe op die eiland.”

“Gross!” sê ek. “Wil jy ’n mensvreter word?”

“Jip, julle beter sorg dat julle nie op my eiland beland nie,” sê Leila met ’n donker stem. “Enige iets is in elk geval beter as om goggas te eet – selfs ’n happie mensvleis. Grrr!”

Ons lag.

Skielik hoës iemand reg onder die boom. Die gelag sit om in ’n histeriese gegil. Gelukkig skree Leila en haar ma so hard dat ’n mens my skaars kan hoor.

“Toemaar, dis net ek!” sê ’n stem.

“Dit is oom John,” sê ek bewerig. “Die Caretaker.”

’n Skerp flitslig skyn in die boom op en verblind my.

“Het julle geselskap nodig?” vra die opsigter.

“Oukei,” sê Leila met ’n bewerige laggie. “Wat sal Oom met ’n Bar-One doen as Oom op ’n eiland gestrand is?”

Oom John dink ’n oomblik lank. “Dit hang af wie saam met my op daai eiland gestrand is,” sê hy. “Wie weet, dalk sal ek dit deel.”

## 8

# Geen kommentaar

Vir die eerste keer in my lewe word ek onder 'n boom wakker. Die son bak op my gesig en ek maak my oë stadig oop.

“Môre, slaapkous,” groet Leila bo van haar tak af. Sy klink vrolik vir iemand wat amper die hele nag in 'n boom gesit het. Iewers in die vroeë oggendure het Leila haar eie reël verbreek en het ons al drie afgeklim en op ons komberse aan die slaap geraak, maar Leila is duidelik klaar weer op haar pos.

Leila se ma gaap en strek haar uit. Daar is blare in haar deurmekaar hare.

Daar is geen teken van die Caretaker nie.

Ek probeer my hare met my hand plat vryf. Dit voel of een van Adrian se hamsters in my mond geslaap het. As my ma of pa weer hiernatoe kom, gaan ek my moed bymekaarskraap en 'n tandeborsel en tandepasta vra.

Bo in die boom tjirp 'n voëltjie. My klere voel klam van die dou.

My oë rek toe ek die omgekeerde kosmandjie sien. Noudat dit lig is, sien ek vir die eerste keer presies hoeveel skade die geheimsinnige nagsluiper aangerig het. Broodkrummels en oopgeskeurde tjipspakkies lê oor die gras gesaai.

“Siestog, dalk was dit 'n honger bosslaper,” sê Leila se ma en begin die gemors opruim.

“Kyk wie kom daar aan,” sê Leila.

Die Caretaker kom uit die rigting van die rolbalbaan aangestap. Hy dra 'n skinkbord waarop bekers gepak is.

“Ek hoop met my hele hart daar is koffie in daardie bekers,” sê Leila se ma.

“Môre-môre!” groet oom John vrolik. “Hoe gaan dit vanoggend met die boombeskermers? Ek het koffie en beskuit gebring.”

Die reuk van vars koffie is genoeg om Leila ondertoe te lok. Terwyl ek koffie drink, kyk ek na die rolbalbaan. Sproeiers tsjik-tsjik-tsjik ritmies en 'n watergordyn flits in die son.

“Ek het al vroegoggend die sproeiers gaan aansit,” sê oom John.

“Is dit nie vervelig om die opsigter van 'n rolbalbaan te wees nie?” vra ek. “Ek dink ek sal dalk eerder die opsigter van 'n rugbystadion wil wees. Dan kan ek beroemde rugbyspelers ontmoet en elke rugbywedstryd gratis kyk. Ek weet nie van een beroemde rolbalspeler nie.”

Oom John lag. “Jy sal verbaas wees. Hier by ons klub is twee Springbok-rolbalspelers.” Hy leun teen die boom se stam en tuur in die verte terwyl hy sy koffie koud blaas. “Rolbal is eintlik 'n fantastiese spel. Dis jammer so min mense weet iets daarvan.” Hy kry so 'n vreemde glimlaggie. “Weet jy waarom dra rolbalspelers wit klere? Ek dink hulle oefen om engele te wees. Dit is waaraan 'n klomp rolbalspelers my laat dink – engele wat op groen gras rondspeel.” Hy sug. “My vrou was mal oor rolbal. Sy het provinsiaal gespeel, tot die kanker haar platgetrek het. As jy my vra, gaan ons in die hemel heeldag lank kan speel ...”

“Rolbal?” vra ek en trek 'n gesig.

“Nee, ek dink nie net rolbal nie,” sê die Caretaker met 'n grinnik.

“Net wat ons wil. Ons gaan nie werk of swaarkry of siek word nie – ons

gaan net speel en speel en speel, van die oggend tot die aand.”

Ek frons. “Ek dink nie mens sal in die hemel rugby kan speel nie. My pa vloek te veel as hy rugby kyk.”

Die Caretaker se maag skud soos hy lag. Hy maak sy koffiebeker met ’n paar slukke leeg en skud die laaste paar druppels op die gras uit. “Ek moet gaan,” sê hy. “Ek sal later die skinkbord en die bekere kom haal.” Hy beduie met sy kop. “Dit lyk vir my julle het vroegoggend ’n kuiergas.”

’n Jong man kom oor die gras na ons toe aangestap. Hy is lank en maer met ’n baard. Die baard pas nie regtig by sy jong gesig nie – dit lyk soos ’n vermomming, of soos ’n groot, wollerige dier wat vir lewe en dood aan sy kakebeen vasklou. Hy dra ’n heldergroen broek wat styf om sy enkels sit, en swart-en-wit sneakers. In sy hand is ’n notaboek.

“Dink julle hy’s van die munisipaliteit?” vra Leila se ma.

“Ek weet nie,” sê Leila. “Hy lyk nie eintlik soos iemand wat by ’n munisipaliteit werk nie. Ons beter terugklim in die boom.”

Teen die tyd dat die man onder die boom kom staan, is ek en Leila terug op ons tak.

“Goeiemôre,” groet die man met ’n diep stem wat iewers uit die rugtes van sy baard kom. Hy praat met Leila se ma. “My naam is Junior du Toit. Ek is ’n joernalis vir die *Oggendnuus*.” Hy kyk in die boom op. Toe hy my en Leila sien, glimlag hy. “Ek wil graag ’n storie oor julle twee doen.”

Ek en Leila kyk verbaas na mekaar.

“Waar het die koerant van ons gehoor?” fluister Leila vir my.

Ek trek my skouers op.

Junior du Toit maak sy notaboekie oop. “Iemand het ons gebel. Iemand wat aangebied het om die storie eksklusief aan ons te verkoop.”

Ek kreun. “Ek wed jou dit was my kleinboetie,” fluister ek verskonend vir Leila. “Adrian sal énige iets doen om geld te probeer maak.”

“Ons betaal ongelukkig nie vir stories nie,” verduidelik die joernalis. “Maar ek sal baie graag met julle twee wil gesels. As u nie omgee nie?” sê hy verskonend vir Leila se ma. “Ek neem aan u is een van die twee se ma?”

Die tannie trek haar skouers op. “Leila is my dogter,” sê sy.

Die joernalis kyk weer op. “Het julle gisteraand in die boom geslaap?”

Ek en Leila kyk na mekaar. “Ons het beurte gemaak om op die grond te slaap,” sê sy. “My ma was die hele nag by ons.”

Junior skryf in sy notaboekie.

“En julle protesteer teen die afsaag van die boom?”

“Die boom is al jare hier,” sê Leila. “Vir wat kan die munisipaliteit nie hulle pyp iewers anders gaan begrawe nie? Oom John – hy’s die opsigter van die rolbalbaan – sê ’n boom soos dié behoort vir ewig te wees. Skryf dit net so in jou artikel.”

“Kyk wie kom hier aan,” sê ek met ’n sug.

Die munisipaliteit se wit bakkie kom tussen die bome deurgery. Rooigesig en Rotgesig klim uit. Rooigesig het al vroegoggend sweetkolle onder sy arms.

“Julle twee nog steeds hier?” vra hy met ’n sug in sy stem. “Dagsê,” groet hy Leila se ma en die joernalis. “Ek hoop julle is hier om met die twee kinders te praat. Sin in hulle koppe te praat. Die boom móét val. Vandag nog. Ons is al ’n dag agter op ons worksheets.”

“Ons bly nét hier!” sê Leila parmantig.

Rooigesig word Donkerpersgesig. “Waar’s julle ouers?” vra hy. “’n Nag alleen in ’n parkie. Watter soort ma en pa laat so iets toe?”

Leila se ma kug. “Uhm ... ek is haar ma,” sê sy.

Dit lyk of Rooigesig effens bedaar. “Mevrou,” sê hy. “Praat met jou dogter. Asseblief. Jammer oor die boom. Regtig. Maar verstaan tog. Ons het g’n keuse nie.”

Die joernalis hou alles dop asof hy na ’n fliek kyk, en tussendeur skryf hy in sy notaboek.

“Leila,” sê die tannie, nes gisteraand.

Leila ignoreer haar, nes gisteraand.

Rooigesig vee sy voorkop met ’n sakdoek af en brom iets oor die kinders van vandag wat buite beheer is en die ouers van vandag wat nie hulle kinders kan beheer nie. Rotgesig sê nie ’n woord nie. Hy gluur ons net aan asof hy wens hy kan die boom met ’n kettingsaag afsaag terwyl ons nog daarin is. Vir my lyk hy soos die soort man wat dit sal geniet om ’n stootskraper te bestuur.

“Meneer, ek is Junior du Toit, verslaggewer van die *Oggendnuus*,” sê die joernalis en hou sy hand na Rooigesig uit. “Ek neem aan u is van die munisipaliteit? Sal u omgee as ek u ’n paar vrae vra? Waarom moet die boom afgesaag word?”

Dit lyk of Rooigesig gaan verstik. “Ek ... ek praat nie met die pers nie!” mompel hy. “Geen kommentaar. Bel die munisipaliteit se skakelbeampte. Nie dat dit gaan help nie. Sy’s met vakansie.” Met kort, woedende treetjies stap hy terug na sy bakkie. Hy ruk die deur oop en beduie waarskuwend na my en Leila. “Julle twee! Julle twee het nou te ver gegaan met hierdie storie. Hopeloos te ver!”

# 9

## Weggooigoed

“Hier was ’n joernalis,” kondig Leila vrolik aan toe mevrou Merriman ’n rukkie later met haar twee poedels aangestap kom.

Mevrou Merriman gaan staan. Sy bekyk ’n sanderige kol waar die gras nie groei nie. George en Trixibelle snuffel opgewonde daaraan.

“Hier was ’n hond,” sê mevrou Merriman. “’n Grote. Kyk die spore.”

Ek en Leila kyk na mekaar. Ek kan sien ons dink presies dieselfde ding: Was die nagtelike besoeker ’n hónd?

Leila se ma is huis toe om te gaan stort en ander klere aan te trek. Ek het gehoop Leila sou haar ma vra om vir ons ’n selfoon of ’n horlosie of iets saam te bring. Selfs bordspeletjies is oukei, al háát ek bordspeletjies. Monopoly hou altyd ’n ewigheid aan en Adrian wen altyd. As ons Pictionary speel, is ek altyd saam met Donovan in ’n span en hy kan nie eens ’n stokmannetjie teken nie.

“Ek wonder watter soort hond dit was,” sê mevrou Merriman, wat nog steeds besig is om die spore te bestudeer. Sy kom orent en vryf haar rug. “Min mense weet hoeveel hawelose honde hier in die stad bly. Ek wens partykeer mense word gedwing om ten minste een keer per jaar die DBV te besoek. Dit breek ’n mens se hart. Ek weet nie hoe iemand ’n dier sommer net kan weggooi nie.”

Mevrou Merriman klink vanoggend soos haar ou self. Dis dieselfde praatjie wat sy altyd gee as sy by ons hek kom geld vra vir die DBV.

Sy sit haar pienk piekniekkombers en sak onder die boom neer. George en Trixibelle snuffel nuuskierig rond, asof die kollerige grasperk

'n hondekoerant vol sappige nuusbrokkies is. Mevrouw Merriman maak haar gemaklik onder die boom en haal haar tydskrif uit.

'n Rukkie lank hoor 'n mens net die voëls se getjirp en die gekrap van mevrou Merriman se potlood op die blokkiesraaisel.

“Hoekom pienk?” vra Leila uit die bloute.

Mevrou Merriman kyk verbaas op. Sy vryf selfbewus oor haar pienk hare, en daar verskyn 'n hartseer trekkie om haar mond.

Ek kan nie glo Leila vra so iets nie. Ek het al baiekeer gewonder waarom mevrou Merriman pienk hare het en pienk lipstiffie en pienk klere dra, maar ek het nog nooit daaraan gedink om haar te vra nie.

Sy gee 'n vreemde suggie en glimlag. “Hoekom nié pienk nie?” vra sy. “Ek het my lewe lank vaal hare gehad, vaal klere gedra, in 'n vaal kantoor gewerk en in 'n vaal huis gebly. Ek was selfs met 'n vaal man getroud. Nou is ek oud en my man is lankal dood en ek dra pienk.”

Skielik begin George 'n ent weg grom. Die twee hondjies het ongemerk so snuffel-snuffel 'n hele ent van die boom af weggedwaal. George loer agterdogtig na 'n klomp digte struik en knor weer. Trixibelle trek los met 'n histeriese geblaf.

“Georgie! Trix!” roep mevrou Merriman benoud. “Kom hier, honne! Wat gaan aan?”

Sy stap nader om ondersoek in te stel. Uit die bosse kom 'n dreigende gromgeluid.

Ek het eenkeer in 'n tydskrif gelees van wilde diere soos hiënas en luiperds wat snags in stede rond dwaal en in mense se asblikke aas. Wat op dees aarde gaan ek doen as 'n hiëna of 'n luiperd mevrou Merriman helder oordag bespring?

“Oppas, mevrou Merriman!” waarsku ek.

Sy tel George en Trixibelle op en stap terug tot by die boom. “Bly hier, liefies,” sê sy met ’n streng stem. Dan haal sy iets uit die pienk sak. Sy stap tot by die struik. Duidelik het sy nog nooit tydskrifartikels gelees oor hiënas en luiperds wat in stede beland nie. “Kom kyk wat het ek,” sê sy en hou iets op haar uitgestrekte hand uit. “Moenie bekommerd wees nie,” sê sy paaiend, “ek los dit net hier vir jou.”

Sy sit ’n toebroodjie op die grond neer en stap stadig agteruit. Ek kyk vraend na Leila, maar dit lyk of sy ook nie ’n benul het wat aangaan nie.

Dan is daar ’n beweging tussen die struik. Verbaas trek ek my asem in. ’n Groot swart hond kom uit die bosse te voorskyn. Sy loer eers agterdogtig rond, en dan storm sy op die toebroodjie af en verslind dit met ’n paar gulsige happe. Haar maer ribbebene lyk of dit dwarsdeur haar vel gaan steek.

“Kyk!” sê Leila verstom.

Uit die bosse kom ’n klein hondjie op lomperige bene uitgewaggel, en dan nog een.

“Stil, julle twee,” raas mevrou Merriman toe George en Trixibelle knor. Sy vee oor haar oë terwyl sy kyk hoe die hond eet. “Jou arme, arme ding.”

Sy grawe nog toebroodjies uit haar sak. Toe sy nader stap, gee die swart hond stert tussen die bene pad. Mevrou Merriman sit die broodjies neer en stap weer terug. Die hond sluip nader en begin die res van die broodjies eet.

Mevrou Merriman staan onder die boom en kyk hoe die hond die broodjies inryg.

“As ’n mens pienk hare het en pienk dra, kan niemand jou miskyk nie,” sê sy met ’n vreemde stem. Sy bly ’n oomblik stil en skraap haar keel. “Ek het ’n seun, maar ek weet nie waar hy is nie. Ons het jare laas

met mekaar gepraat. Hy het met die verkeerde vriende deurmekaar geraak. Begin steel en dwelms gebruik, partykeer weke lank die pad gevat. Ek wou hom probeer help, dis hoekom ek hom in 'n rehabilitasiesentrum laat opneem het. Hy was woedend vir my. Toe hy uit die rehabilitasiesentrum gekom het, het hy spoorloos verdwyn. Ek weet nie waar hy is nie. Ek weet nie of hy snags 'n bed het om in te slaap nie. Dalk slaap hy ook snags iewers onder 'n bos in 'n parkie, soos 'n weggooihond. Dis waar ek hom die vorige keer gekry het, toe ek hom in die sentrum laat opneem het. Ek is bang ek sal op 'n dag by hom op straat verbystap en ons sal mekaar miskyk ...”

Mevrou Merriman snuit haar neus. Langs my snuif Leila hard. Trane stroom oor haar wange. Sonder 'n woord gee ek die kombuisvadoek vir haar aan.

Mevrou Merriman skraap haar keel.

“Julle twee moet my asseblief vandag verskoon,” sê sy. Haar stem klink skielik weer normaal. “Ek moet gaan reël dat hierdie arme hond en haar kleintjies versorg word. Ek het ongelukkig nie nog broodjies nie, maar hier is darem vir julle koeldrank. Moenie dat daardie man van die munisipaliteit julle boelie nie, hoor! Dis 'n goeie ding wat julle hier doen. 'n Groot en 'n dapper en 'n mooi ding. Daar gebeur veels te min mooi dinge in die wêreld.”

Ek staar na mevrou Merriman terwyl sy wegstap. Leila se rooigehulde oë maak my ongemaklik. Ek kyk liewer nie na haar nie.

Ek weet nooit wat om te doen as meisies huil nie. My ma is nie soos ander ma's wat in flieks huil nie. Miskien is dit 'n goeie ding. Rohan, my beste pel wat op die oomblik in Amerika vakansie hou, se ma huil oor enige iets. Sy het eenkeer in trane uitgebars toe ons rugbyspan

verloor het. Rohan het dit daarna 'n week lank ernstig oorweeg om eerder skaak te begin speel.

Dit begin warm word. Ek rek my bene en probeer my teen die boom se stam gemaklik maak.

“Ek wonder wat gaan daai joernalis oor ons in die koerant skryf,” sê ek vir Leila.

Sy trek net haar skouers op.

“Jy lyk nie eintlik bly daaroor nie,” sê ek. “Maar eintlik het my boetie ons 'n guns gedoen. As mense van die boom lees, is daar dalk 'n groter kans dat ons dit kan red.”

Ek kyk op.

Het ek al ooit behoorlik na 'n boom gekyk? Dit voel of ek skielik met nuwe oë na die bome in die parkie kyk. Die boom waarin ons sit, is byna nooit stil nie. Die kakiegroen blare roer heeldyd liggies, selfs al kan 'n mens nie die wind voel waai nie, en dit verander heeldyd van kleur – vaalgroen, blinkgroen, kakiegroen, skadugroen. Voor gister het ek nie eens geweet daar bestaan iets soos 'n witkareeboom nie. Leila, aan die ander kant, kan selfs die boom se wetenskaplike naam onthou.

“Ken jy nóg bome?” vra ek.

Leila begin vir my ons boom se bure se name opnoem. Bloekom. Witstinkhout. Soetdoring. Kiepersol. Den.

“Hoe ken jy al die name?” vra ek.

Leila trek net haar skouers op. “Dis maar iets wat ek weet.”

Teen middagete bring Leila se ma vir ons broodjies en vrugte. Ek is bly vir 'n verskoning om af te klim, want dit voel of my agterent rou geskaaf is. Toe my oupa siek was, het ek gehoor 'n mens kan bedsere kry as jy te lank in die bed lê. Ek wonder of 'n mens boomsere kan kry as jy te lank in 'n boom sit.

Leila eet haar broodjies bo in die boom. Sy het die hele dag nog net een keer afgeklim, om die rolbalbaan se badkamer te gebruik.

Toe ons klaar geëet het, sit Leila se ma 'n rukkie lank onder die boom en lees, en toe gaan sy terug huis toe. Leila en haar ma is vreemd. Hulle praat nie eintlik veel met mekaar nie.

Ek en Leila bly weer alleen in die boom agter, maar nie vir lank nie. Kort voor lank sien ek twee kinders wat na ons toe aangestap kom. Ek kreun toe ek Donovan se skewe pet en help-my-sterk-lyk-hempie en Adrian se knoophemp herken. My kleinboetie weier deesdae om T-hemde te dra – hy is net nege jaar oud, maar hy trek soos 'n grootmens aan. 'n Baie vervelige grootmens. Dit het glo iets te doen met sy besigheid en dat hy wil hê mense moet hom ernstig opneem.

“Jis, boombewoner,” groet Donovan smalend.

“Hallo, Donovan,” sê Leila vrolik.

Donovan se wange word rooi. “’Skuus, ek praat eintlik met daai aap,” sê hy.

Ek ignoreer hom. “Adrian, as Ma uitvind jy het die koerant gebel en geld probeer maak uit hierdie storie, gaan sy jou afslag en jou vel gebruik om 'n paar skoene te maak waarmee sy persoonlik jou alie gaan skop.”

Dis dieselfde lang en grillerige dreigement wat my ma altyd gebruik as ons nonsens aanvang.

My kleinboetie rol sy oë. “Wie gaan haar vertel – jy?” vra hy.

“Miskien.”

“Moenie vergeet nie, jy skuld my nog 'n klomp geld,” sê hy. Hy haal iets uit sy sak. “Ek het gedink jy sal dit graag wil hê.”

Ek kyk na die PSP wat hy triomfantlik in die lug hou. “Daai ding werk anyway nie.”

“Ek ken iemand wat elektroniese goed regmaak,” sê hy. “Jy skuld my dáárvoor ook.”

“Ek het nie gesê jy moet dit laat regmaak nie,” brom ek. Maar Adrian is my al weer een voor. Hy weet natuurlik ek is doodverveeld hier bo in die boom. In my boetie se geldmal brein is selfs iemand anders se verveling ’n geldmaakgeleentheid.

“Ma het gesê ons moet jou badkamersakkie bring,” sê Donovan. “Dis die eerste en die laaste keer. Moenie dink ek gaan elke dag agter jou aanloop net oor jy in ’n stupid boom sit nie.”

“Wat het Ma gesê toe sy gisteraand by die huis gekom het?” vra ek versigtig.

Donovan fluit tussen sy tande deur. “Glo my, jy wil nie weet nie. Die hel is los. Ma is erger as ’n T-rex met tandpyn. Jy beter terugkom huis toe, jy’s besig om ons almal se vakansie op te foeter.”

“Ek is bly dat julle my so baie mis,” sê ek sarkasties.

“Kom, Adrian, ek gaan nie heeldag hier staan en met ons mal broer in die boom gesels nie,” sê Donovan.

Toe hulle omdraai om te loop, roep ek vinnig: “Adrian, wag! Uhm ... die PSP?”

My kleinboetie grinnik. Ek kan omtrent dollar-tekens in sy oë sien, soos in die strokiesprente.

Toe hulle weg is, hou ek die PSP na Leila uit. “Wil jy speel?”

Sy glimlag en skud haar kop. “Speel jy maar.”

Adrian het *Pro Evolution Soccer* in die PSP gesit. Nie my gunsteling nie, maar dit help darem om die tyd om te kry. Van tyd gepraat – danksy die PSP kan ek sien hoe laat dit is. Dis 15:17. My span het pas skouspelagtig teen Brasilië verloor toe drie munisipale bakkies ’n ent van ons af stilhou. Ek kyk bekommerd na Leila. Spanne werkers klim

van die bakkies af. Rooigesig begin bevele gee. Rotgesig help die werkers om toerusting af te laai.

“Soetdoring,” sê Leila saggies, asof sy ’n geheime towerwoord sê.

Dit vat ’n oomblik voor ek besef dis die naam van ’n boom. Die boom waarby die klomp munisipale werkers besig is. ’n Kettingsaag begin dreun.

Ek sit en kyk asof gehipnotiseer hoe hulle die boom afsaag. Eers brul die kettingsaag soos ’n woedende roofdier, en dan is daar ’n aaklige skeurgeluid, gevolg deur ’n dowwe slag. Dit lyk of daar ’n laaste siddering deur die boom trek. Die lug ruik na vars saagsels. In die stilte wat volg, kwetter daar nie eens ’n voël nie.

Ek blaas my asem stadig uit en kyk vir Leila.

Sy sit en staar in die verte, asof sy niks raaksien nie.

Aan die wit lyntjies om haar mond kan ek sien hoe sy op haar tande byt. Toe sy vir my kyk, is daar yssplinters in haar blou oë.

# 10 Milly

Dis laataand. Ons tweede nag in die boom.

Ek gaap. Onder op die grond kan ek Leila se ma rustig hoor asemhaal. Leila lê langs haar ma. Ek is nie seker hoe ek dit weet nie, maar ek weet Leila is ook nog wakker. Dis asof ek kan aanvoel dat sy ook na die naggeluide luister. Ek leun terug teen die skurwe stam en kyk na die sterre wat stadig tussen die blare deurskuif.

Die Boom in die Middel van die Heelal, het Leila gesê. Ek weet nog steeds nie presies wat sy daarmee bedoel het nie.

Ek wonder hoe dit met mevrou Merriman en die hond gaan. Net voor dit skemer geword het, het sy saam met 'n DBV-bussie hier opgedaag. Hulle het die hond en haar kleintjies kom haal. Toe mevrou Merriman die afgekapte soetdoringboom sien, het sy sommer in trane uitgebars.

Dit was 'n dag vir trane. Ek hoop daar word môre minder gehuil.

Dit was nogal 'n gesukkel om die hond en haar kleintjies in die bussie te kry. Sy was baie kwaai toe die DBV-mense naby haar wou gaan. Op die ou end moes hulle vir haar 'n kalmeerpilletjie in 'n stukkie vleis druk en dit naby haar skuilplek neersit. Dit het gewerk.

Ek was jammer vir die arme bedwelmdende hond toe hulle haar en haar kleintjies in die bussie gelaai het. Wat gaan van hulle word? Ek weet wat gewoonlik met rondloperhonde gebeur wat nie 'n huis kry nie, maar ons hond is darem 'n ma-hond ...

My ma was so halfagtig se kant weer hier. Sy het nie hierdie keer baklei nie. Om die waarheid te sê, sy het amper nie 'n woord met my

gepraat nie. Sy het vir my 'n kussing, 'n sweetpaktop, 'n groot bottel vrugtesap en 'n pak Woolworths-vleispasteitjies gebring. Ek en Leila het die vleispasteitjies koud geëet. Ek weet nie of my ma dink die gemiddelde boom het 'n ingeboude mikrogolfoond nie.

“Milly,” fluister Leila onder op die grond.

“Huh?” fluister ek terug.

“Die hond,” sê Leila. “Kan ons haar maar Milly noem?”

“Seker maar,” sê ek met 'n skoueroptrek. “Ek bedoel, ek dink nie mevrou Merriman sal omgee nie.”

Om die een of ander rede voel ek trots daarop dat Leila my opinie vra.

# 11

## Groen

Die eerste ding waarvan ek bewus word toe ek die volgende oggend my oë oopmaak, is dat ek met my kop op Leila se ma se skouer lê. Ek wil doodgaan van skaamte, maar ek bly net so lê, te bang die tannie word wakker as ek opstaan. Hopelik het ek nie gesnork of in my slaap op haar skouer gekwyl nie. Ek en Leila het so net ná middernag plekke geruil.

Die tweede ding waarvan ek bewus word, is flardes van fluisterstemme.

“... regtig amazing ...”

“... so cool ...”

“... en hulle is nog so jonk ...”

“... beslis die mooiste boom wat ek nog ooit gesien het ...”

“Marnus, word wakker!”

Die laaste stem is harder en behoort aan Leila.

Ek sit regop.

Dan val my mond oop.

’n Entjie van ons af staan ’n groep mense. Daar is seker so vyftien van hulle, skat ek deur die slaap. Dit lyk of hulle ’n paar jaar ouer as ons is. Die meeste dra vreemde bont klere. Hulle kyk na my en Leila en haar ma asof ons vreemde diere in ’n dieretuin is. Langs my word Leila se ma ook met ’n verskrikte “Huh?” wakker en sit regop.

’n Meisie kom vorentoe gestap. Sy lyk soos die leier van die groep. Die oggendson blink op haar donkerbruin, kaalgeskeerde kopvel. Daar

is drie ringetjies deur haar neus. Ek wonder of dit seer was om dit te laat inskiet.

“Ek is Killer,” sê sy.

Ek sluk. Dit gebeur nie elke dag dat mens op jou nugter maag ’n meisie met ’n naam soos Killer ontmoet nie.

“Uhm ... ek’s Marnus,” sê ek. My stem klink nog blikkerig van die slaap.

Die groepie mense lag asof ek ’n grap gemaak het.

“Ons weet wie jy is, Marnus,” sê Killer met ’n glimlag. “Ons het vanoggend van jou en Leila in die koerant gelees. Julle is baie dapper. Ons het dadelik besluit om te kom help.”

“Help?” vra ek.

“Ons is almal studente,” sê sy. “En die eksamen is pas verby. So, ons gaan julle help.”

“Stop die fasciste!” roep een van die ouens in die groep, ’n rooikop met ’n wilde bos dreadlocks, en hou ’n plakkaat in die lug. Op die plakkaat staan: *STOP DIE FASCISTE!*

“Red ons boom! Red ons boom! Red ons boom!” begin ’n meisie dreunsing. Sy klink so kwaad dat my maag sommer ’n draai gee.

Ek kyk benoud na Leila se ma. Ek weet glad nie wat ’n fascis is nie, maar dit klink nie goed nie.

“Die boom moet bly! Die boom moet bly!” begin die groep studente nou almal saamsing.

Bo in die boom sit Leila grootoog soos ’n verskrikte nagapie. Dit lyk of sy ook nie weet wat om van Killer en die klomp betogende studente te dink nie.

“Hokaai!” bulder ’n stem.

Die gesing droog op.

Almal kyk verbaas na die Caretaker. Ek is beïndruk met oom John se harde stem. Hy staan met 'n skinkbord in sy hande en gluur die klompie studente kwaai aan. “Wat soek julle spulletjie hier?”

“Ons het in die koerant gesien van Leila en Marnus wat die boom probeer red,” sê Killer. “Ons het besluit om te kom help.” Sy kyk die Caretaker reguit in die oë terwyl sy praat. Haar stem is kalm, maar sy klink soos iemand wat nie sal omgee om te baklei as dit nodig is nie.

Dit lyk of oom John 'n oomblik lank nadink. Hy kyk die studente een vir een deur.

“Nou goed,” sê hy met 'n sug. “Ek kan julle seker nie keer nie, maar julle mag nie almal die rolbalbaan se badkamers gebruik nie. Ek wil nie moeilikheid kry nie. Net Marnus en Leila word daar toegelaat. En dit is nie die plaaslike Wimpy nie, so ek het nie vir almal van julle koffie gemaak nie.”

Woordeloos vat ek en Leila se ma elkeen 'n beker koffie. Leila klouter een tak ondertoe en ek gee hare versigtig aan.

“Die boom moet bly! Die boom moet bly!” begin die klomp studente weer sing.

Oom John hou 'n opgevoude koerant na my uit. “Hier's vir julle 'n bietjie leesstof.”

Ek sluk vinnig my koffie af, klim in die boom en gaan sit langs Leila. Toe ek die koerant oopvou, trek my keel toe. Op die voorblad, net onder die hoofberig, is 'n foto van my en Leila bo in die boom. Dis van onder af geneem, met ons voete wat amper die hele foto vol is. Die opskrif by die artikel sê: *Jong vriende wil boom se bas red.*

Ek loer na Leila. Is ons vriende? Voor sy eergisteroggend ons deurklokkie gelui het, het ek haar nog nooit gesien nie, al bly ons net 'n paar straatblokke van mekaar af. Eintlik weet ek nog baie min van haar.

“Uhm ... ek gaan stort,” sê Leila se ma. Sy loer in die rigting van die klomp studente en kyk bekommerd na ons. “Sal julle twee oukei wees?”

“Ja, Tannie,” sê ek.

Leila knik net.

Die Caretaker beduie duim in die lug dat sy nie bekommerd hoef te wees nie.

Ek wonder hoekom Leila nie eintlik met haar ma praat nie. As ek soos Leila was, kon ek haar sommer reguit gevra het: “Wat gaan tussen jou en jou ma aan?” Soos sy gister vir mevrou Merriman gevra het: “Hoekom pienk?” Maar ek is te skaam.

Killer en die ander studente het skynbaar besef dit help nie veel om “Die boom moet bly!” en “Stop die fasciste!” te loop en skree as daar geen fasciste is om dit voor te skree nie. Hulle gaan sit eenkant in die son en rook.

’n Rukkie nadat die Caretaker met die skinkbord vol leë koffiebekers weg is, kom twee munisipale bakkies en ’n kleinerige lorrie aangery. Hulle hou by die afgekapte soetdoringboom stil.

Rooigesig klim uit een van die bakkies. Met sy hande in die sye staan en kyk hy na die afgekapte boom. Dou glinster op die blare, wat vanoggend dofgroen en pap hang. Werkers met blou oorpakke sak op die boom toe.

“Voorblad, nè?” roep Rooigesig vir ons. “Moet nie dink een koerantberiggie gaan daai boom red nie. Die stadsbeplanners het gister na die planne gekyk. Die pyp moet hier deur. Daar’s geen keuse nie.”

Van waar Rooigesig staan, het hy duidelik nie die groep studente gesien nie. Dit lyk of hy ’n paar tree agtertoe steier toe Killer en die ander hom skielik omsingel. Hulle swaai hulle plakgate rond en begin

omgekrap praatsing: “Die boom moet bly! Stop die fasciste! Die boom moet bly! Stop die fasciste!”

Rooigesig swaai sy vinger rond, maar die gesing en die gedreun van die werkers se kettingsae doof sy stem uit.

Ek kyk vir Leila. Dis moeilik om te raai wat sy dink. Ek het verwag sy sal met ’n tevrede glimlag na alles sit en kyk, maar daar is ’n ligte frons tussen haar oë. ’n Mens kan sien haar hare was twee dae laas naby ’n kam. Dit hang in ’n slierterige poniestert agter teen haar rug af.

Ek wens skielik ek kan daaraan vat.

Die simpel gedagte laat my gesig warm word. Ek is seker ek lyk ’n oomblik lank soos die dertienjarige weergawe van Rooigesig.

Die res van die oggend weskaf die werkers om die boom op te saag en op die lorrie te laai. Dit lyk nie juis of hulle hulle veel steur aan die klomp studente wat plakkate rondswaai en slagspreuke skree en woedende liedjies sing nie.

Een van die studente, ’n meisie, dra ’n gedig voor wat sy sommer net daar uitdink. Altans, ek vermoed sy dink dit sommer net daar uit, want ek twyfel of enige iemand so ’n lang gedig uit haar kop kan leer. Dit gaan oor ’n boom wat bloei en ’n planeet wat verstik en onskuldige vroue en kinders wat swaarkry onder oorlog en geweld. Ek verstaan nie eintlik veel van wat sy sê nie, maar toe sy klaar is, klap al die studente vir haar hande.

Motors in die straat ry stadiger om die spektakel dop te hou, en nou en dan kom nuuskierige mense aangestap om als van naderby te beskou. ’n Paar gesels selfs met my en Leila. Hulle sê dinge soos:

“Haai, ek het julle in die koerant gesien!”

“Waar’s julle ma’s en pa’s? Hoe kan hulle julle toelaat om hier te bly sit?”

“Is daai tak nie vrek hard nie?”

“Dis fantasties dat iemand iets doen om die planeet te bewaar.”

Teen elfuur se kant daag Junior du Toit op. Hy het dieselfde stywe heldergroen broek en swart-en-wit sneakers as gister aan. Eers neem hy foto's van die klomp studente en die munisipale werkers, en dan kom staan hy onder my en Leila se boom. “Het julle die berig gesien?” vra hy en hou 'n koerant na ons uit.

Ek knik.

“Ek hoop julle het daarvan gehou.” Hy glimlag in sy baard en beduie na die klomp studente. “Dit lyk of dit aandag getrek het. Ek gaan 'n opvolgberig vir môre se koerant skryf. Maar sê my, hoe voel julle vanoggend?”

Ek wag dat Leila iets sê, maar sy staar net voor haar uit. “Uhm ... my boude is nogal seer,” sê ek.

Ek voel dadelik simpel. Donovan en Adrian gaan hulle doodlag as dit môre in die koerant staan.

“Maar ... uhm ... dis darem vir 'n goeie doel,” sê ek. “Ons gaan nie moed opgee nie. Ons gaan hier bly tot die boom gered is.”

Dit klink meer soos iets wat in 'n koerantberig behoort te staan.

Junior vra nog 'n klompie vrae. Ek doen my bes om slim antwoorde te gee. Ek wens ek kan sien wat hy alles in sy notaboekie neerskryf. Uiteindelik is hy tevrede. Hy neem nog 'n paar foto's van my en Leila, en dan stap hy weg.

Toe Junior weg is, kyk ek vies na Leila.

“Vir wat sit jy net daar en laat my al die vrae antwoord?”

Sy trek net haar skouers op. Daar is donker kringe onder haar oë. Sy het die afgelope twee nagte baie minder as ek geslaap.

Skielik dink ek aan iets.

“Leila, is jy moeg vir die boomding?” vra ek. “Ek bedoel, jy moet sê as jy huis toe wil gaan. Daai studente is mos nou hier en dit was in die koerant en alles ...”

Sonder ’n woord vat Leila ons kombuisvadoek waarmee sy gister haar trane afgedroog het, en hou dit na my uit. “Jy kan gaan as jy wil,” sê sy sag. “Niks hou jou hier nie.”

“Dis nie wat ek bedoel nie!” keer ek vinnig. “Ek het maar net gevra. Netnou sit ek hier in die boom omdat ek dink jý wil hier bly ... en intussen sit jy net hier omdat jy dink ék wil hier bly. Ek bedoel, dit sal vrek simpel wees.”

Leila gee my ’n kyk. Sy’s goed met kyke. Miskien kan sy ook eendag ’n advokaat word, soos my ma. My ma sê altyd in die hof is ’n kyk baiekeer meer werd as ’n hele toespraak. Ek kyk weg. Ek is nie lus om na die hele toespraak in Leila se kyk te luister nie.

# 12

## Stry

Teen laatmiddag lyk dit of Killer en die groep studente moeg is vir slagspreuke skree en plakkate rondswaai.

Die munisipale bakkies en lorrie is omtrent 'n uur terug hier weg, met die afgesaagde boom en al.

Die studente maak hulle 'n ent weg onder 'n bloekomboom tuis. Danksy Leila begin ek nou 'n boom-ekspert word.

Ons sit in die boom en kyk hoe die studente 'n vuur aansteek en lag en gesels. Die ou met die rooi dreadlocks en een van die meisies, 'n blondkop met lang hare, is duidelik baie verlief. Hulle sit op die gras en soen mekaar asof hulle vergeet het daar is ander mense rondom hulle. Ek wonder of dit is hoe Donovan die meisies onder die lapa soen. Hy het gedreig om my morsdoodvrek te maak as ek daar naby kom terwyl hy soenlesse gee.

Ek loer ongemerk vir Leila. Sy sit met 'n vreemde glimlaggie en kyk na die twee wat so sit en soen. Donovan is skaars twee jaar ouer as ek, maar hy is 'n ekspert as dit kom by soen. Ek, aan die ander kant, het nog nooit 'n meisie behoorlik gesoen nie. Oukei, daar was daardie een keer by Rohan se verjaardagpartytjie waar sy niggie my gesoen het toe ons al twee in die klerekas weggekruip het, maar dit was net so 'n vinnige piksoen – en agterna het ek uitgevind sy het dit met amper al die seuns by die partytjie gedoen. Ek praat van 'n régte soen – die soort wat meisies se lipstiffie laat smeer en hulle wange laat gloei.

Toe dit begin skemer word, hou 'n bont geverfde bussie onder die bloekomboom stil. Nog 'n spul studente peul daaruit. Hulle groet Killer se groepie studente luidrugtig en begin koelhouers uit die bussie laai.

“Julle weet ek eet nie vleis nie,” sê die meisie wat vroeër die lang gedig opgesê het. “Ek kan nie glo julle is so barbaars nie. Hoe kan jy iets eet wat 'n gesig gehad het?” Sy klink baie omgekrap. Ek hoop regtig nie sy begin met 'n nuwe gedig oor mense wat vleis eet nie.

Iemand sê iets en daar is 'n gelag.

Danksy mevrou Merriman het ons vandag heerlike skaapboud, boontjies, gebakte aartappels en pampoen geëet. Sy het vroeër vanmiddag kom inloer, met bakke vol kos uit haar pienk pieknieksak. “Kinders het gesonde kos nodig,” het sy gesê en afkeurend gekyk na die bakkies vol Woolworths-kos wat my pa vanmiddag kom aflewer het.

Mevrou Merriman het nie veel oor die groepie studente gesê nie. Terwyl ons geëet het, het sy net stil na hulle gesit en staar. Ek het gewonder of sy aan haar seun gedink het.

My pa het ook nie juis veel gesê toe hy hier was nie. Hy het net na my en Leila in die boom gekyk en sy kop geskud asof hy na 'n rugbywedstryd kyk waarin die skeidsregter heeltyd swak beslissings maak.

Mevrou Merriman het darem vir ons gesê dit gaan goed met die hond en haar kleintjies. Sy dink Milly is 'n baie mooi naam en sy het belowe om vir die DBV-mense te sê om haar so te doop. Mevrou Merriman en die DBV gaan hard probeer om vir hulle almal goeie huise te kry.

Toe dit sterk skemer is, sit Leila se ma 'n lantern aan. Ek wonder of sy dit spesiaal gaan koop het. Die wind waai elke aand die kerse dood.

Die studente lag en praat al hoe harder. Hulle sit in 'n kringetjie om die vuur, omtrent elkeen met 'n bottel in die hand. Dit lyk vreemd so in

die donker – ons wit lanternkringetjie en hulle geeloranje vuurkringetjie.

“Is julle drie nog oukei hier?” vra ’n stem. Die ringetjies in Killer se neus glim in die lanternlig.

“Piekfyn, dankie,” sê Leila se ma. Haar stem klink ’n bietjie vreemd – so half benoud.

Killer kyk op na waar ek en Leila in die donker op die tak sit.

“Jammer oor die lawaai,” sê sy. “Daai klomp sal enige verskoning gebruik om te kuier.”

Leila en haar ma sê niks. Ek weet sommer dit is omdat hulle niks wil sê nie. Dis iets wat hulle gereeld doen. Die enigste rede waarom ék niks sê nie, is omdat ek nie aan iets kan dink om te sê nie.

“Ek dink regtig julle is baie dapper,” sê Killer.

Ek kry haar jammer omdat niemand iets sê nie. “Uhm ... ek dink dit was baie dapper om daardie ringetjies in jou neus te laat sit,” sê ek. “Dit lyk baie seer.”

Dis seker ’n simpel ding om te sê, maar dis darem iets.

Sy lag. “Dit was seerder vir my ma en pa as vir my.”

Ek verstaan nie eintlik wat sy bedoel nie, daarom kan ek régtig aan niks anders dink om te sê nie.

’n Oomblik lank bly sy by ons staan. Dan stap sy terug vuur toe.

Leila klim af en gaan sit onder by haar ma. Hulle gesels nie. Ek speel ’n rukkie lank PSP met die klank sommer ekstra hard. Ek is nie seker wat die meeste op my senuwees werk nie – die raserige studente of die stilte onder die boom. Teen die tyd dat die PSP se battery pap is, het een van die studente ’n kitaar in die hande gekry. Hulle sit in ’n kringetjie in die donker en sing liedjies wat ek nie ken nie.

’n Meisie bring vir my en Leila en haar ma elkeen ’n papierbord met ’n stukkie wors en ’n groentesosatie. Leila gee myne vir my aan. Ek vat

net een of twee happies. Die sosatie smaak na rook en die wors is nog rou. As Milly nog hier was, sou ek nie omgee het om myne vir haar te voer nie.

Ek wonder skielik watter soort boom afgekap is vir die hout waarmee die studente vuurmaak. Dink een van hulle ooit dááran?

Leila klim op en kom sit weer langs my. “Jy kan maar gaan slaap as jy wil,” sê sy.

Ek trek my skouers op. “Ek is nog nie regtig vaak nie.”

Ek kyk af. Leila se ma lê op die duvet, met haar rug na ons. Ek is nie seker of sy slaap nie.

“Hoekom het jy besluit om die hond Milly te noem?” vra ek.

“Milly was my eerste hond,” sê sy. “My ... uhm ... ek het haar gekry toe ek nog baie klein was. ’n Kar het haar doodgery toe ek tien was. Ek wou nog nooit weer ’n ander hond hê nie.”

“Ons het ’n hond,” sê ek. “Brolloks. Hy’s ’n regte brak. Hy is maar soort van ons almal s’n. Ek en my broers baklei altyd oor wie die hondemis op die grasperk moet optel.”

Leila lag.

Dis vreemd. Elke keer as sy lag, kan ek nie help om te glimlag nie. Ek dink sy lag hopeloos te min.

Stadigaan raak die studente se stemme stiller. Die kitaar word gebêre en daar is net ’n dowwe gloed van die vuur oor.

Dan begin twee van hulle stry.

Ek kan net sulke stukkies van die bakleiery hoor, maar ek herken die stemme. Dis die ou met die rooi dreadlocks en sy meisie. Die passievolle soenery van vroeër is duidelik vergete.

“... dan gesê jy sal die vakansie saam met my kom ...”

“... my ma-hulle belowe ...”

“... voel nie regtig iets vir my nie ...”

“... weet dis nie waar nie ... partykeer só kinderagtig ...”

Hulle stemme word al hoe harder.

“Jy is nes my pa!” skree die meisie en begin huil.

Onverwags voel ek hoe Leila se hand bo-oor myne kruip, soos ’n verskrikte, warm diertjie. My ore begin suis. Die ou skree iets vir die meisie.

Skielik gaan daar ’n helder lig aan.

“Genoeg hiervan,” sê ’n stem. Die Caretaker praat nie eens baie hard nie, maar dadelik word dit tjoepstil. “Skaam julle om so voor twee kinders tekere te gaan! Is een van julle nog nugter genoeg om hierdie bussie te bestuur? Ek hoop so, want as julle teen môreoggend nog hier is, is daar moeilikheid.”

“Hei, Oupa, wie’t jou hoofseun gemaak?” vra die ou met die dreadlocks.

“Bly stil.” Dis Killer se niks-nonsens-stem wat onverwags in die donker praat.

Die ou bly stil.

“Maak dood daai vuur,” gaan die Caretaker voort. “Het julle nie die kennisgewing gesien wat vuurmaak in die parkie verbied nie? Wat help dit julle betoog kamma om die bome te red, maar intussen probeer julle julle bes om die plek af te brand?”

Daar is ’n skuldige stilte, soos pas nadat ’n onderwyser ’n klas vol raserige kinders uitgetrap het.

Die flitslig skyn in die boom op en verleë wikkel ek my hand uit Leila s’n. Ek knip my oë teen die verblindende lig.

“Is julle twee orraait?” vra die Caretaker.

“Baie dankie,” sê Leila. Sy klink regtig verlig.

Leila se ma vou haar arms om haar lyf, asof sy koud kry. “Ek wens ons kan net huis toe gaan,” sê sy. Dit klink of sy met haarself praat.

Die Caretaker laat die flits sak en kom staan onder die boom. Toe hy praat, klink sy stem moeg. “Ek weet dis nie my plek om dit te sê nie, maar ’n mens kan nie vir ewig aan een boom bly vasklou nie. Nie eens ’n goeie boom soos hierdie nie.”

Ek is nie seker wat hy nou eintlik bedoel nie. Wat ek wel weet, is dat hy nie met my praat nie. Ek is byna seker hy probeer vir Leila iets sê.

Hy leun met sy rug teen die boom se stam en die flits gooi ’n geel ligkring op die grond by sy voete.

“Ek het julle vertel van my broer, die een wat voor die stootskrapers gaan lê het die dag toe hulle Distrik Ses begin platstoot het,” praat hy die donker in. “My kleinboet was dapper. Ek was trots op hom, maar hy het daarna al hoe kwater en kwater geword. Hy was kwaad vir die regering. Kwaad vir die wit mense. Kwaad vir my ma-hulle omdat hulle nie probeer terugbaklei het nie. Kwaad omdat hy in ’n nuwe huis moes gaan bly en na ’n nuwe skool toe moes gaan.

“Ek het met hom probeer praat, maar sy kwaadheit het hom doof gemaak. Hy’t skool gelos en teen die apartheidsregering begin baklei.” Die Caretaker sug. “En hy het verloor. Hy is in die polisie-selle dood. Dis hoe dinge daardie tyd gewerk het. Dis goed om te baklei vir ’n ding, maar jy moet weet wanneer om op te hou ook. Anders raak die baklei partykeer groter as die ding waarteen jy baklei.”

Dis tjoepstil. Ek wonder of die studente ook na die Caretaker se storie geluister het. Sonder ’n verdere woord kom hy orent en begin in die donker wegstap. Die ligkring spring-spring voor hom uit.

Dit voel asof die storie wat hy pas vertel het nog my ore laat suis, soos nadat die munisipale werkers die kettingsae afgeskakel het.

Ek weet daar is 'n rede waarom hy daardie storie vir ons vertel het,  
maar my brein voel skielik te moeg om dit uit te werk.

In die donker kan ek die studente hoor fluister, asof hulle ook probeer  
uitwerk wat pas gebeur het.

Ek wens Leila wil iets sê.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

## 13

# Die hart van 'n Boom

In die middel van die nag word ek wakker van 'n geritsel. Ek maak my oë oop en spits my ore, maar ek bly net so op die grond lê. Die parkie is doodstil.

Die maan het intussen opgekom. In die dowwerige maanlig sien ek hoe Leila uit die boom klim. Dalk wil sy toilet toe gaan. Ek moet seker aanbied om in die donker saam met haar te loop, maar ek besluit om 'n oomblik te wag. Toe sy onder kom, loer sy versigtig in my rigting. Ek roer nie.

Ons klas was vroeër vanjaar op 'n Zoo Snooze by die dieretuin. Die nagdiere se hokke het spesiale blou ligte gehad sodat ons hulle kon dophou terwyl hulle rondbeweeg. Leila beweeg so rats en sag soos 'n muskeljaatkat in die donker. Sy sluip tot by haar ma. Sonder 'n geluid vat sy die punt van die kombers en trek dit bo-oor haar ma. Die tannie roer in haar slaap. Leila gaan sit op haar hurke. Dis moeilik om te sien presies wat sy doen, maar dit lyk vir my of sy net na haar ma sit en kyk. 'n Hele ruk lank bly sy net so sit, voordat sy versigtig haar hand uitsteek en saggies oor haar ma se hare streel. Dan kom sy orent.

“Marnus,” fluister sy vir my. “Kom.”

My asem ruk. Hoe het sy geweet ek is wakker?

Ek volg haar woordeloos toe sy in die boom opklim.

My boude begin seker gewoond raak aan die ongemaklike sitplek, want in die donker kry ek maklik my gewone posisie op die tak. Toe ons al twee sit, skakel Leila 'n flits aan. Haar ma het vanmiddag onthou om

'n flits van die huis af saam te bring, maar ek het nie gesien Leila bring dit saam tot bo in die boom nie.

Ek haal diep asem. Voor ek myself kan keer, vra ek die vraag waarom ek nou al drie dae lank wonder. Dit is seker die mees voor die hand liggende vraag om te vra as jy al jou derde nag saam met iemand in 'n boom deurbring, maar ek het nog nie die moed gehad om dit te vra nie.

“Leila ...” fluister ek. “Hoekom doen jy dit régtig?”

“Wat?” vra sy.

“Jy weet wat ek bedoel, man.” Ek weet sy hou haar aspris dom. “Die boom ... Hoekom hiêrdie boom? Hoekom nie die soetdoringboom of een van die bloekoms of die witstinkhout nie?”

“Ek het jou tog vertel,” sê Leila.

“Omdat jy in hierdie boom geleer boomklim het?” vra ek. “Omdat dit ... die Boom in die Middel van die Heelal is?”

Leila leun terug teen die boomstam.

“Jy's op 'n eiland gestrand en jy het net drie dinge by jou,” sê sy. Sy ignoreer my vraag. Ek het al agtergekom dis iets waarmee sy nogal goed is. “'n Kombuisvadoek, 'n flits en 'n pakkie rosyntjies. Wat sal jy daarmee doen?”

Ek hoor plastiek skeur en sy hou 'n pakkie rosyntjies na my toe uit. Ek vat 'n hand vol. “Dink jy mensvreter eet rosyntjies?” vra ek.

“Dalk,” sê sy. “As jy hulle kan oortuig dis gedroogde oogballe of so iets.”

Ek lag.

Toe sy weer praat, is haar stem net 'n fluistering tussen die blare. “My pa het die eilandspeletjie uitgedink. Dit kan nogal 'n paar vervelige kilometers vinnig omkry as 'n mens langpad ry. My eiland het altyd mensvreter gehad, en ek het altyd my drie dinge gebruik om 'n

mensvreterprinses te word. As dit my ma se beurt was, het George Clooney altyd kamma opgedaag om haar te red, en dan het sy haar drie dinge gebruik om die lewe op die eiland vir hom so lekker as moontlik te maak. My pa het altyd gemaak of dit hom vreeslik jaloers maak ... Hy het altyd sy drie dinge gebruik om vreeslike slim en vreemde planne te maak sodat hy kon terugkom huis toe.”

“Jou pa ...?” vra ek versigtig.

“Hy het my geleer boomklim,” sê sy. “Hy het altyd gesê ons het bobbejaanbloed in ons are. Partykeer het ek en hy saans voor slaaptyd hier in die parkie kom speel en dan het ons tot bo in die boom geklim. Hy’t vir my die sterre gewys en vir my stories vertel oor mensvreterprinsesse en drake en meerminne en wilde meisies met bobbejaanbloed, en bome wat kan loop en kan praat.”

Ek is te bang om nog iets te vra, want dit klink asof sy met haarself praat.

“Wil jy iets sien?” vra sy.

Ek knik, halfverbaas dat sy nog weet ek is hier.

Sy gee die flits vir my aan. Dan kom sy orent op die tak.

“Oppas,” sê ek. As sy val, gaan sy haar nek breek, bobbejaanbloed ofte not.

“Lig hier,” sê sy en stoot ’n tak eenkant toe.

Ek soek met die flits rond totdat ek die plek kry waar sy beduie. Daar is iets in die bas uitgekerf, sien ek verbaas – rooibruin snye in die donker stam. Versigtig kom ek orent op die tak om beter te kan sien.

Dis ’n hart.

Dit lyk of iemand dit met ’n knipmes uitgekerf het. Die snye lê diep in die stam, maar dit lyk asof dit lankal gesond geword het.

Binne-in die hart is iets geskryf.

W + M

“Dit het eers later my boomklimboom geword,” sê Leila. “Voor ek gebore is, was dit my ma en pa se boom. Hy het hierdie letters vir haar hier uitgekerf.”

“Leila?” vra ’n vakerige stem onder ons. Ek skrik so groot dat ek amper my balans verloor. “Is als reg?”

“Ons is oukei, Tannie,” antwoord ek bewerig. ’n Nare gedagte flits deur my brein: *Sê nou Leila se ma dink ons is besig met ... wel ... soenlesse?*

Ek sak terug op die tak. Leila sit die flits af. Dit vat ’n rukkie voor my oë weer aan die donker gewoond raak. Bokant ons loer die sterre plek-plek tussen die blare uit.

“My pa het my en my ma gelos.” sê Leila. “Vir ’n ander vrou.”

# 14

## BoomKinders

Toe dit die volgende oggend begin lig word, is die studente se kombi weg. Al wat oorgebly het, is 'n vaalswart kol waar hulle gisteraand vuur-gemaak het, en drie kakiegroen slaapsak-ruspes op die gras. Die drie studente wat agtergebly het, is so diep in hulle slaapsakke gekruip dat ek nie kan sien wie dit is nie. Teen die bloekomboom se stam leun die plakate wat hulle gister rondgeswaai het.

Ek rek my bene en kyk na waar Leila en haar ma onder die boom lê en slaap. Gisteraand se gesprek tussen my en Leila voel soos 'n droom, maar toe ek opkyk, tussen die digte blare deur, kan ek die punt van die hart teen die boomstam sien.

Ek dink aan my ma en pa. Hulle baklei gedurig. Ek probeer in my kop 'n lysie maak van tien dinge waaroor hulle sommer net die afgelope week of wat gestry het:

1. Die nuwe naambord wat my pa vir die sportwinkel wil laat opsit.  
(Ma: “Die ding kos 'n fortuin. Die plek se geldsake lyk klaar beroerd.”)
2. Die feit dat die sportwinkel se geldsake so beroerd lyk. (Pa: “Dis oor ons naambord te klein is. Almal kyk die winkel mis.”)
3. Die elektroniese hek se motor wat stukkend is.
4. Leë bierblikke voor die TV.
5. Donovan se rapport.
6. Die feit dat my pa by Adrian geld geleen het om pizzas te bestel.

7. 'n Kalkoen. (Ma: “Nou maar reg, as julle Kersdag kalkoen wil eet, gaan koop een en begin dit solank stop, want ék gaan beslis nie. Dis duidelik dat niemand in hierdie huis enige waardering daarvoor het dat ek besig is met 'n Baie Belangrike Hofsaak nie.”)
8. Die feit dat my ma so besig is met haar Baie Belangrike Hofsaak.
9. Wie die beste Afrikaanse nuusleser is.

Voor ek aan 'n tiende ding kan dink, kom die Caretaker uit die rigting van die rolbalbaan aangestap. Nes die vorige twee oggende het hy 'n skinkbord met koffie in sy hande. En nes gister knyp hy 'n koerant onder sy een arm vas.

Dalk is dit die reuk van oggendkoffie wat Leila en haar ma wakker maak, want toe hy die skinkbord onder die boom neersit, sit hulle al twee regop.

“Môre-môre,” sê die Caretaker. Sy stem is lig en vrolik, asof gisteraand se aaklige storie oor wat met sy broer gebeur het, vergete is. “Hier is vir julle drie ook koffie,” roep hy in die rigting van die slapende studente. Ek wonder hoe het hy geweet daar is net drie van hulle oor.

Die slaapsak-ruspes begin roer. Killer se kop verskyn uit een van die slaapsakke, en langs haar sit nog twee meisies orent. Een van hulle is die meisie wat gisteraand met die rooikop-ou baklei het. Hulle klouter uit hulle slaapsakke, stap gaap-gaap nader en vat dankbaar elkeen 'n beker koffie. “Ek drink eintlik net organiese koffie ...” sê die een meisie, maar dan kyk sy halfverskrik na die Caretaker. “Maar dit ruik heerlik,” voeg sy vinnig by.

Ek klim ook strammerig uit die boom.

Sewe bekere koffie stoom in die vroegoggendlug.

“Jammer oor gisteraand,” sê Killer.

Ek is nie seker vir wie sy jammer sê nie.

“Wat is jou regte naam?” vra Leila op daardie vreemde uit-die-bloute-maniër van haar.

Killer proes in haar koffie en maak vir Leila grootoog. “Wie sê vir jou Killer is nie my regte naam nie?”

Leila trek haar skouers op. “Jy was tog ook ’n baba. Wie noem ’n babatjie Killer?”

Killer se neusringe flits in die oggendson. Sy kyk in die boom op, asof sy haar regte naam vergeet het en hoop dit is dalk iewers teen die boomstam uitgekerf. “My regte naam is Joy,” sê sy. “Joy Norton. En jy’s reg. My ma en pa is onderwysers. Hulle sou nooit hulle dogtertjie Killer genoem het nie.”

Ek staar na Killer. Of Joy. Ek kan nie besluit watter naam die beste by haar pas nie. ’n Mens kan sien sy probeer om soos Killer te lyk. Op ’n manier voel dit vir my of sy ’n Joy ook kan wees.

“Maar dogtertjies word groot,” sê Killer. “En partykeer draai hulle seker maar anders uit as wat ’n mens gehoop het.”

“Het jy regtig iemand doodgemaak?” vra Leila.

“Leila!” raas haar ma.

Killer lag. “Nog nie,” sê sy en lig haar een wenkbrou kamma dreigend op. “Ek het net my ma en pa se drome vermoor. Weet jy wat ’n killjoy is? Dis ’n pretbederwer. My ma en pa het ander planne vir my gehad, en ek het hulle pret bederf. So, dis eintlik wat my naam moet wees: Killjoy.”

Die Caretaker skraap sy keel. “Nou ja, ek haat dit om ’n pretbederwer te wees, maar ek moet gaan werk. Hier is die koerant. Ek vermoed julle gaan ’n besige dag hê.”

Hy gee die koerant vir Leila en begin die leë koffiebekers bymekaarmaak. My mond val oop toe ek die voorblad sien. Die hoofopskrif is: *Boomkinders se protes kring uit.*

Onder die opskrif is 'n foto van die studente wat onder die boom betoog.

“Dit gons op Facebook en Twitter oor die twee kinders wat 'n boom in die plaaslike parkie probeer red,” lees ek hardop. “'n Facebook-groep wat ter ondersteuning van die twee jong groensoldate gestig is, het teen gisteraand reeds meer as 3 000 lede gehad. Danksy die twee kinders is 'n hawelose hond en haar kleintjies ook deur die DBV in die parkie opgemerk en gered.”

Ek kyk na Leila. Sy ril liggies. Ek verstaan nie waarom nie.

# 15

## Verhoogvrees

Teen agtuur die oggend daag die eerste mense op – ’n man en vrou met bont klere, lang hare en kopbande. Hulle waai vrolik vir ons en maak hulle op die gras tuis, ’n entjie van die kombers waarop Leila se ma sit. Hulle kyk glimlaggend na my en Leila asof hulle verwag ons gaan enige oomblik met ’n konsert bo in die boom begin.

Kort op hulle hakke is ’n groep van vyf fietsryers met sonbrille en bruingebrande kuite. Hulle maak hulle fietse teen die bloekomboom staan, langs die studente se plakkate, en staan geselsend rond terwyl hulle na ons beduie. Een van hulle neem ons met sy selfoonkamera af.

“Agge nee,” kreun Leila.

Daar kom al hoe meer mense aan.

Mense wat met hulle honde stap.

Ma’s met stootwaentjies.

Drawwers.

’n Sanggroepie wat “Joy to the world” en “Al was ek nie daar nie” begin sing. Die koorleier het ’n bordjie om haar nek waarop staan hulle benodig geld om oorsee te toer. Op die gras is ’n botterbakkie waarin mense geld kan gooi.

’n Man met ’n Kersvaderhoed.

Iemand van ’n radiostasie.

’n Roomysverkoper met ’n fiets.

Killer en die twee studente begin plakkate uitdeel. Kort voor lank verander die koor sy deuntjie van “Stille nag” na “Die boom moet bly!

Die boom moet bly!”. Muntstukke klingel in die botterbakkie.

Tussen die groep mense beur ’n pienk tannie met twee poedels deur.

“Goeie genade, dit lyk vanoggend soos ’n kerkbasaar hier!” roep mevrou Merriman. Sy is die enigste een wat dit tot reg by ons waag; die res bly darem op ’n beleefde afstand staan. “Môre, julle,” groet sy, effens uitasem. Sy en George en Trixibelle maak hulle langs Leila se ma op een van die komberse tuis. “Sjoe, kyk net al die mense. Marnus, Leila, julle twee word beroemd!” Sy haal ’n Tupper-bak uit haar sak en maak dit oop. Dit is vol muffins. Sy bied vir my en Leila en haar ma daarvan aan. “Dit gaan baie goed met Milly en die kleintjies,” sê sy. “Dit lyk of Milly baie van haar nuwe naam hou. Julle moet vir die kleintjies ook name help uitdink. Ek is seker ná die artikel in vanoggend se koerant gaan hope mense die DBV bel en aanbied om vir Milly en haar kroos goeie huise te gee.”

Die skare rondom die boom word al hoe groter. Teen tienuur lyk dit asof daar ’n vlooiemark in die parkie is. Toe Leila nie kyk nie, het ek my bes gedoen om my hare met water uit my waterbottel nat te maak en te kam, al het ek nie ’n spieël nie. Verbeel jou jy moet voor 107 mense op ’n verhoog verskyn sonder dat jy jou hare gekam, jou gesig gewas of jou tande geborsel het. Mevrou Merriman het netnou die mense probeer tel en dis hoeveel sy gekry het: 107.

Die boom begin al hoe meer soos ’n verhoog voel, met ek en Leila wat die hoofrolle speel, al het ons nie ’n benul wat om te sê of te doen nie.

Dit lyk of Leila begin verhoogvrees kry. Sy byt heeldyd haar onderlip vas en staar stip na die tak voor haar.

In skoolkonserte het ek nog elke jaar die dansende kabouter of die herbergier gespeel, maar nooit enige van die belangrike rolle nie. Dis die

eerste keer dat ek voel hoe dit voel as almal se oë op jou is. Toe Junior du Toit opdaag om weer foto's van my en Leila te neem, grinnik ek en swaai ook my vuis in die lug nes die betogende studente. Ek dink dit gaan goed lyk op 'n foto.

Leila bly net so sit.

Teen elfuur se kant kom Donovan weer by die boom aan. By hom is 'n meisie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Sy is verskriklik mooi. Sy het donker hare en haar bene is lank en bruingebrand. Hulle sukkel tussen die mense deur tot by die boom. Ek sien hoe Donovan na my en Leila beduie.

Die meisie glimlag en waai vir ons. "Is hy regtig jou broer?" roep sy vir my bo die gesing van die studente en die koor en beduie na Donovan.

Ek knik.

Die meisie grinnik verbaas en vat Donovan se hand. "Ek is Melissa!" roep sy.

Ek waai vir haar. "Haai, Melissa!"

Al die mense kyk vir my broer en die meisie. Donovan grinnik asof hy pas die Lotto gewen het. Dit lyk of hy die res van die vakansie net een student vir sy soenlesse gaan hê.

"Ek moet badkamer toe gaan," sê ek vir Leila toe my broer en sy meisie wegstap.

Sy trek net haar skouers op asof sy wil sê: *So? Gaan. Lyk dit of ek jou probeer keer?*

Ek vervies my somer, vat my badkamersakkie en begin afklim. Vir wat is Leila vanoggend in so 'n simpel bui?

"En nou?" roep iemand bekommerd uit toe ek onder op die grond kom.

Die studente en die koor hou op met sing.

“Agge nee, gee die outjie nou moed op?” vra ’n tannie met ’n Checkers-sak in haar hand.

“Toemaar, hy moet net boom verlaat,” roep nog iemand.

’n Gelag spoel deur die groep mense. My ore word warm. Ek stap so vinnig as moontlik weg, in die rigting van die rolbalbaan.

Daar is vroegoggend nog geen spelers op die baan nie. Ek glip by die hek in. Daar is geen teken van die Caretaker nie. Die badkamer is koel en skemer. Ek sit die lig aan en trek die deur agter my toe. Die gesing by die boom word uitgedoof. Nadat ek in een van die toilethokkies was, gaan staan ek by ’n wasbak. In die spieël lyk my hare presies so wild soos ek vermoed het. Ek draai die wasbak se kraan oop en druk my kop onder die stroom water in. Daarna vryf ek dit met een van die spierwit handdoekies droog en tem die ergste kroontjies met die kam. Ek hang die handdoek weer netjies op en borsel my tande. Toe ek klaar is, staan ek nog ’n rukkie lank in die badkamer rond. Dalk is dit hoe ’n akteur voel as daar ’n pouse in ’n toneelstuk is, of ’n beroemde rocksanger voordat hy op die verhoog moet gaan.

Ek rits my badkamersakkie toe, loer vir oulaas in die spieël, vee oor my kuif en knipoog vir myself. Dan maak ek die badkamerdeur oop.

En loop reg in ’n man vas.

“Marnus!” sê hy besorg. “Is jy oukei?”

“Jammer,” prewel ek en klou my neus vas.

Ek weet nie regtig hoekom ék jammer sê nie – dis tog ék wat seergekry het. Ek voel versigtig aan my neus. Dit voel darem nie of dit gebreek is nie en dit bloei nie.

Die man hou sy hand na my uit. “Jy’s nét die kêrel in wie ek gehoop het om vas te loop!” sê hy. “Dimitri Giorgiou, aangename kennis.”

Ek skud sy hand. My oë traan nog steeds 'n bietjie van die hou op my neus. Die man wat my hand skud, het donker hare en 'n stoppelbaard. Nie die soort grillerige boemelaar-stoppelbaard wat my pa kry as hy vakansies weier om te skeer nie. Hierdie ou het 'n stoppelbaard soos die mansmodelle in parfuumadvertensies het. Ek wonder of hy nie warm kry in sy pak klere nie, maar dit lyk asof hy pas uit 'n lugverkoelde kantoor gestap het.

“Warm, nè?” vra hy, asof hy gedagtes kan lees. “Hoe lyk dit met 'n koeldrank?”

Hy stop 'n kanariegeel blikkie in my hand. Ek kyk verbaas daarna. My ma het ons al duisende kere gewaarsku om nie geskenke van vreemdelinge te aanvaar nie.

“Uhm ... nee, dankie,” sê ek.

“Komaan!” sê hy met 'n breë glimlag. “'n Man word tog sekerlik dors as jy heeldag in 'n boom sit, of hoe? Ek wil net sê, ek dink wat jy en daardie meisie doen, is fantasties. Groen-kwessies is deesdae op almal se lippe, maar min mense is regtig bereid om iets aan aardverwarming en besoedeling en die verdwyning van ons woude te doen. Dis hoekom ek julle graag wil borg.”

Ek frons. Dimitri Giorgiou praat so vinnig dat my kop draai.

“Borg?” vra ek.

“Dis reg, ja.” Hy beduie na die blikkie koeldrank in my hand. “Wat jy daar in jou hand vashou, is nie sommer 'n gewone blikkie koeldrank nie. Kom ons begin by die blikkie. Dis van honderd persent herwinde metaal gemaak. Minimum skade aan die omgewing. Maar wag tot jy dit oopmaak ...”

Hy kyk afwagkend na my. Ek knak die blikkie koeldrank oop. Die man hou aan om na my te kyk. Daarom vat ek versigtig 'n slukkie van

die koeldrank – al weet ek my ma sal ’n oorval kry.

“Hoe smaak dit?” vra die man.

Voor ek kan besluit of dit ongeskik sal wees om te sê dit smaak ’n bietjie soos flou aanmaakkoeldrank, antwoord die man sy eie vraag.

“Dit smaak soos die beste wat Moeder Natuur het om te bied. Dit is waar die naam vandaan kom, Nature’s Gift. Dis goed vir die natuur en dis goed vir jǒú. Geen preserveermiddels. Geen kunsmatige geurmiddels of kleurmiddels. Geen ekstra suiker.”

Ek vermoed al daardie goed wat hy pas opgenoem het, is wat gewone koeldrank lekker maak, maar ek sê dit liewer nie.

“Ek het ’n voorstel,” sê die man. “Een waarvoor jy beslis nie nee kan sê nie ...”

# 16

## Hard/Loop

“Ek het goeie nuus,” sê ek effens uitasem vir Leila toe ek terug in die boom is.

Dit was nogal ’n gesukkel om van die rolbalbaan tot by die boom te kom. Daar is nou regtig baie mense. Party van hulle het my voorgekeer om met my te gesels. ’n Meisie het selfs my handtekening gevra. Sy was nogal mooi ook. Ek dink Donovan sou jaloers wees as ek haar selffoonnommer gevra het.

Dit lyk of Leila my nie gehoor het bo die geraas en gesing van die klomp mense nie. “Ek sê ek het goeie nuus!” sê ek harder.

Leila reageer nie. Sy staar net stip voor haar uit. Sy sien nie eens my T-hemp raak nie. Net toe ek nóg harder wil praat, draai sy na my.

“Hy’s hier,” sê sy. Dit lyk asof sy pas gehoor het iemand is op pad om die boom met ’n stootskraper plat te stoot, soos oom John se pa-hulle se huis destyds in Distrik Ses.

Ek frons. “Wie?”

Sy staar net weer voor haar uit. Ek kyk verward na die mense in die parkie. Ek skat daar is nou amper tweehonderd mense, maar vreemd genoeg sien ek dadelik die blondkopman raak. Hy staan aan die rand van die skare mense. Hy is die enigste een wat nie sing of gesels of beduie nie. Sy skouers is effens vooroor gebuig, asof hy iets swaars rondra, en hy staan met sy hande in sy driekwartbroek se sakke en staar na ons.

“Is dit ...?” begin ek vra.

Maar voor ek verder kan praat, kom Dimitri Giorgiou nader gestap. Onder sy arm is 'n opgerolde banier. Hy rol dit oop en begin dit rondom die boom se stam vasmaak.

“Hei, wat dink jy doen jy?” roep mevrou Merriman omgekrap. George en Trixibelle knor.

“Nature’s Gift is van nou af die amptelike borg van die Boom in die Middel van die Heelal,” kondig Dimitri met 'n trotse stem aan. “Ons gaan help om die boom te red. Nature’s Gift is 'n verfrissende, honderd persent natuurlike drankie, sonder enige preserveermiddels of ...”

“Waarvan praat hy?” vra Leila vir my. “Hoe weet hy van die Boom in die Middel van die Heelal?”

Sy klink heel kalm, maar ek is nogtans nie seker of dit 'n goeie teken is nie.

“Dis wat ek jou wou vertel!” sê ek. “Ons het 'n borg gekry.”

Dit voel verbasend lekker om dit te sê. My pa borg Donovan en die res van die eerste span se rugbyklere, en 'n bekende swembroekvervaardiger het aangebied om Donovan volgende jaar te borg wanneer hy aan die nasionale swemkampioenskap gaan deelneem. Niemand het nog ooit aangebied om my vir enige iets te borg nie.

Op hierdie oomblik voel ek allesbehalwe onsigbaar.

“Dimitri – die ou wat besig is om die banier op te sit – gaan betaal vir pamflette sodat mense die munisipaliteit kan dwing om die boom uit te los en die parkie te red,” verduidelik ek in een lang, uitasem sin. Ek hou een van die geel T-hemde na Leila uit. “Kyk, hier’s vir jou ook 'n T-shirt. Dimitri gaan vir die mense in die parkie ook sulkes uitdeel. Ek ...”

Leila klap die T-hemp uit my hand. Dit val soos 'n dooie kanarie ondertoe. Haar oë is ysblou.

“Wat nou?” vra ek verbaas. “Ek dog ... Hei, waar gaan jy nou heen?”

Leila begin ondertoe klim.

“Leila, kom terug!”

Sy spring die laaste entjie tot op die grond. Dimitri Giorgiou gee verbaas pad toe sy langs hom te lande kom. Die mense naaste aan die boom trek hulle asem verbaas in, en mense stoot mekaar uit die pad om te sien wat aangaan.

Leila begin hardloop.

“Leila?” roep haar ma. “Leila!”

Maar dit lyk of Leila niks sien of hoor nie. Sy storm tussen die skare mense deur. Hulle gee verbaas pad. Haar hare stroom oor haar rug.

Sy hardloop verby Killer en die koorlede.

Verby die roomyskarretjie.

Oor die pad. ’n Motor toet en bande skree op die teer.

Sy hardloop tot ek haar nie meer kan sien nie.

Stadig maar seker draai die mense om. Dit voel of almal se oë op my brand.

Ek sluk.

Dit voel asof ’n stootskraper pas bo-oor my gery het.

Stadig begin ek ondertoe klouter.

My hand glip en ek skuur my been nerfaf teen die boombas. ’n Paar van die omstanders trek hulle asem skerp in. Ek byt op my tande en ignoreer die brandpyn. Toe ek onder kom, haal ek diep asem. Ek kyk ’n oomblik lank na mevrou Merriman en Leila se ma.

Ek trek die simpel geel T-hemp met Nature’s Gift se logo uit en smyt dit eenkant toe.

Koponderstebo begin ek huis toe stap.

## Anders én dieselfde

“Hei, doofus, gaan jy vir my koffie maak of wil jy ’n wedgie hê?”

As iemand so iets vir jou sê, is daar ’n paar goed wat jy kan doen:  
Opsie een is dat jy alles kan los en dadelik die ketel aansit.

Opsie twee is dat jy die persoon vriendelik daarop kan wys dat jy besig is om die skottelgoed te was omdat jy jou kleinboetie min of meer ’n jaar se sakgeld skuld – en hom aansê om sy eie koffie te maak.

Donovan se oë rek toe hy my antwoord hoor. Hy het duidelik nie verwag ek gaan opsie twee kies nie.

“Wat sê jy daar?” sis hy.

Ek smyt ’n klomp messe en vurke in die skuimende skottelgoedwater.  
“Ek sê maak jou eie blerrie koffie. Tensy jy eerder die skottelgoed wil was.”

Donovan staan dreigend nader, maar dan grinnik hy onverwags.  
“Lekker hardegat, nè?” Hy gee my ’n harde lammie teen my skouer, maar wonder bo wonder steek hy sy hand uit en sit die ketel aan.  
“Moenie dink oor jy volgende jaar hoërskool toe gaan en ’n paar dae lank saam met jou girlfriend in ’n boom gesit het, kan jy skielik maak soos jy wil nie, hoor?”

“Sy’s nie my girlfriend nie.”

My keel trek toe as ek aan Leila dink.

Gisteroggend hierdie tyd was alles anders.

Gisteroggend hierdie tyd het ons nog in die boom gesit.

Die Caretaker het vir ons koffie gebring.

Die studente en die koor het liedjies gesing en plakkate rondgeswaai.  
Mense het foto's van ons geneem.

En ek het my soos 'n aap gedra.

“Het jy weer iets van haar gehoor?” vra Donovan.

Ek sit 'n bord op die afdroograk neer en kyk verbaas na hom. Ek kan nie onthou of my ouer broer al ooit met my gepraat het asof ek 'n gewone mens is nie. Gewoonlik dreig en terg en baklei hy net.

“Nope,” sê ek.

Hy glimlag. “Meisies is weird. Jy sal maar daaraan gewoon moet raak.” Hy loer na sy weerkaatsing in die oonddeur en bult sy armspiere. “Melissa gaan vreeslik tekere oor global warming en die woude wat afgekap word en sulke goed. Sy dink jy en daai Leila-meisiekind was vreeslik dapper. Sy noem julle ego-warriors of so iets.”

“Eco-warriors,” help ek hom reg.

“Wat?”

Ek skud my kop. “Toemaar.”

Hy rol sy oë. “Whatever. Ek dink nog steeds dis stupid om so lank in 'n boom te sit, maar toemaar.” Hy bly 'n oomblik lank stil terwyl hy met die sout-en-peperpotjies speel. Dit lyk asof hy die twee potjies mekaar laat soen. “Ek het vir Pa gesê ek gaan nie meer volgende jaar rugby speel nie,” sê hy sonder om op te kyk.

Ek laat val amper 'n bord.

“Jy't wát?”

Donovan trek sy skouers op. “Ek het hom gesê ek gaan volgende jaar net op my swem fokus.”

“Wat het hy gesê?” vra ek.

Nog voor Donovan gebore is, het Pa al vir hom sy eerste rugbybal gekoop. As die eerste span in winkellure 'n wedstryd speel, maak Pa

partykeer sommer die sportwinkel toe. Hy loop nóóit een van Donovan se wedstryde mis nie.

“Hy’t nie juis bollemakiesie geslaan van blydschap nie,” sê Donovan droogweg en maak hom op ’n kombuisstoel tuis met sy kaal voete op die tafel. “Maar ek dink die deurmekaarspul met jou wat in die boom sit en als, het sy aandag so ’n bietjie afgetrek. Miskien sink dit eers later behoorlik in.”

Miskien voel my pa soos ek. Dit voel asof als wat die afgelope paar dae gebeur het, ook nog nie behoorlik in my kop ingesink het nie. Dis seker maar hoe dit voel as ’n mens een oggend die voordeur oopmaak – en voor jy jou kom kry, sit jy bo in ’n boom saam met ’n meisie, en julle ontmoet allerhande vreemde mense en julle is skielik op die voorblad van die koerant.

Gistermiddag toe ek by die huis gekom het, het ek op my bed gaan lê en byna dadelik aan die slaap geraak. Dit het gevoel asof my brein genoeg gehad het van als en besluit het om af te skakel.

Ek het eers wakker geword toe my ma my vir aandete geroep het.

Ons het aandete geëet asof niks gebeur het nie. My ma het oor haar Baie Belangrike Hofsaak gepraat. My pa het gekla oor die Kersverkope wat vanjaar maar beroerd lyk en mense wat deesdae duidelik eerder voor die TV sit as om te oefen. Donovan was stillerig – ek vermoed hy het heeltyd aan Melissa gesit en dink. Adrian is die enigste een wat heeltyd uitgevra het oor my drie dae in die boom. Adrian is teleurgesteld omdat ek nie die vrugtesapman meer geld gevra het nie.

Buite tsjk-tsjk die swembadpomp.

Die yskas brom soos ’n kat wat spin.

By die voorhekkie blaf Brolloks vir die dominee se vrou wat oudergewoonte hierdie tyd van die oggend met haar wolfhond

verbygestap kom.

Dit voel of ek in 'n tydmasjien beland en drie dae teruggeskuif het ...

Mevrou Merriman wat pienk dra en verlang na haar seun wat iewers in die strate ronddwaal.

Milly en haar kleintjies.

Die Caretaker en die storie van die stootskrapers.

Die rolbalspelers wat oefen om engele te wees.

Killer wie se regte naam Joy is.

Die voorbladberigte.

Die eilandspeletjie.

Leila en die Boom in die Middel van die Heelal, met haar pa en ma se voorletters in die stam gekerf.

Dit voel asof al hierdie dinge net 'n droom was.

Dit voel asof iets die afgelope drie dae verander het.

En tog voel alles ook presies dieselfde.

Ek is so ingedagte dat ek per ongeluk vir Donovan koffie maak toe die ketel kook, al het ek hom vir die heel eerste keer in my lewe oorreed om dit self te doen.

# 18

## 'n Onsigbare Boom

Dis laatmiddag toe ek in die parkie kom.

“Waarheen gaan jy?” wou Donovan agterdogtig weet toe hy my by die voordeur sien uitsluip het. “Ma het gesê ek moet kyk dat jy nie weer die een of ander mal ding aanvang nie.”

Ek het hom belowe ek is nie van plan om weer in die boom te gaan sit nie.

Die parkie is verlate.

Almal is weg. Killer en die studente. Die koor. Die fietsryers. Die mooi meisie wat my handtekening gevra het.

En die boom.

Die munisipaliteit was hier. Rooigesig en Rotgesig het hulle werk gedoen.

Op 'n manier het ek dit verwag, maar dit is nog steeds 'n skok om die stuk stomp uit die grond te sien steek.

Toe ek so sewe of agt jaar oud was, het ek eenkeer in McDonald's se speelarea 'n vrou gesien met net 'n stompie waar haar arm was. Die vrou het seker gesien ek staar daarna, want sy het nader gestap en heel vriendelik gevra: “Wil jy daaraan voel?” Ek het so groot geskrik dat ek histeries begin huil en na my ma-hulle toe gehardloop het. Weke daarna het ek nog nagmerries oor die vrou se pienk stompie-arm gekry.

Dit is hoe die stomp lyk – soos iets waarna 'n mens nie kan ophou staar nie, maar waaraan jy te bang is om te vat.

Op die grond lê 'n paar blare rond. Dis al wat van die boom oorgebly het.

Ek is nie meer sewe of agt jaar oud nie.

Ek is dertien.

Volgende jaar gaan ek hoërskool toe.

Ek huil nie meer oor als nie.

Die brandpyn in my bors is so erg dat dit voel of ek gaan versmoor. Ek byt op my tande en klem my hande in vuiste.

Dis stupid. Ek weet nie hoekom ek wil huil nie. Dit was net 'n simpel boom. Daar word elke dag duisende en duisende van die goed afgekap en niemand stort 'n traan daaroor nie.

“'n Boom behoort vir ewig te wees,” sê 'n stem agter my.

Ek vee vinnig oor my oë.

Die Caretaker kom staan langs my, maar ek kyk nie na hom nie.

“Maar niks op hierdie aarde is vir ewig nie,” gaan hy met 'n rustige stem voort. “Die belangrike ding is, jy en Leila het gesorg dat die boom ráákgesien word. In vandag se wêreld is dit nodiger as wat jy dink – om raakgesien te word. Daar is te veel bome en diere en mense wat onsigbaar geword het, of wat net verdwyn sonder dat iemand hulle onthou.” Hy sit sy hand 'n oomblik lank op my skouer. “Jy en Leila kan enige tyd kom inloer vir koffie.”

Dan draai hy om en begin terugstap rolbabbaan toe.

Stadig blaas ek my asem uit en staar na die stomp wat uit die grond steek. Ek dink aan meneer Fourie wat gesê het ek het 'n goeie verbeelding, en ek dink aan wat die Caretaker so pas gesê het.

Dalk kan ek my verbeel die boom het net onsigbaar geword ...

Ek laat 'n growwe, dik stam uit die afgesaagde stomp groei. Op en op stoot die dik, skurwe stam. Uit die stam verskyn stewige, lae takke, naby

aan mekaar; die soort takke wat perfek is om 'n dogtertjie te leer boomklim. Die stam rank boontoe, op en op en op tot 'n mens duiselig word as jy daarna kyk. Dit vertak in kleiner en kleiner takke. Die boom bars in blare uit. Voëls kom sit koerend en kwetterend in die takke, die wind ritsel deur die blare, die skurwe bas bak warm in die middagson. En iewers in die bas, op 'n geheime plek tussen die blare, verskyn daar 'n hart met twee letters binne-in.

Ek glimlag.

Onderaan die laaste opstel in my opstelboek het meneer Fourie geskryf: *Hou aan om sulke goeie opstelle te skryf! Ek gaan jou talent volgende jaar mis.* Ek het 95% vir daardie opstel gekry.

Ek hoop ek kry volgende jaar kans om 'n opstel te skryf oor 'n boom wat uit die grond verskyn. Dit sal 'n goeie opstel wees, ek weet dit sommer. Die Caretaker is reg, dis lekker om raakgesien te word – al is dit net omdat jy goeie opstelle skryf.

Ek dink ek verstaan nou waarom mevrou Merriman haar hare pienk kleur, pienk klere dra en naweke van huis tot huis stap om geld vir die DBV in te samel.

Waarom Joy haar hare afgeskeer, ringe in haar neus gesit en Killer geword het.

Dalk verstaan ek selfs waarom my ma so vreeslik baie tyd aan haar Baie Belangrike Hofsaak bestee; waarom my pa groter advertensieborde vir sy winkel soek; waarom Donovan ure lank gewigte pomp en in die swembad oefen; waarom Adrian van kleins af al sulke slim geldplanne uitdink.

Dis om raakgesien te word.

Ek glimlag. Dit maak nogal sin.

Oukei, behalwe miskien vir Adrian. Hy's dalk sommer net 'n gebore geldwolf.

Dis nie altyd lekker om Marnus-die-middelmaan te wees nie. Die een wat nie goed kan swem, hope meisies het en allergies is vir skoolwerk nie. Die een wat nie op vyf al vlot kon lees en gedurig besig is met allerhande geldmaakplanne nie.

Ek dink ek verstaan nou soort van wat my besiel het om in die eerste plek saam met Leila bo in die boom te bly sit.

Die belangrikste van als is ek dink ek verstaan nou waarom Leila 'n petisie begin het om die boom te red.

Partykeer het 'n mens nodig om raakgesien te word. Al is dit deur jou eie pa.

“Marnus!”

Ek swaai verbaas om toe die Caretaker my naam roep. Hy het 'n ent van my af gaan staan en omgedraai.

“Kan ek jou 'n geheim vertel?”

Ek knik.

“Jou ma het my daardie eerste aand al by die rolbalbaan kom soek. Sy't my geld aangebied om heeltyd 'n ogie oor jou en Leila te hou. Ek het geweier om die geld te vat, maar ek het belowe om mooi na jou en Leila te kyk. Ek kon sien sy was doodbekommerd oor jou.”

Ek kan my ore nie glo nie. So dís waarom die Caretaker elke aand laat saam met my en Leila en haar ma onder die boom gesit het. Dís waarom hy elke oggend vir ons koffie gebring het, en so kwaai was toe dit gelyk het of dinge met die studente handuit gaan ruk.

Ek glimlag.

My gesin is weird.

“Geseënde Kersfees, Marnus!” sê die Caretaker. “O ja, amper vergeet ek om jou te sê, mevrou Merriman stuur groete. Sy het my genooi om Kersdag by haar te gaan eet.” Hy draai om en stap verder.

Die Caretaker is nou wel oud, maar verbeel ek my of glinster sy oë nes Donovan s’n glinster wanneer hy oor Melissa praat?

“Geseënde Kersfees, oom John!” roep ek.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)

# 19

## Groen Blare

Begoniastraat 9 is nie ver van die parkie af nie. Gelukkig het Junior du Toit gevra wat Leila se van is sodat hy dit in sy koerantberig kon skryf, anders sou ek nie gisteraand hulle adres in die telefoonboek kon opsoek nie.

Die huis lyk amper soos ek my verbeel het dit sou. Dit het 'n sonnige stoep wat met pers blomme toegerank is. Ek is seker Leila sal die naam van die plant met die pers blomme ken. Die grasperk kort 'n sny. In 'n sonkol op die stoep sit 'n gemmerkat en kyk met lui skrefiesoë op toe ek die knoppie by die hek druk.

Ek wag 'n hele ruk lank, maar niemand kom maak oop nie. Teleurgesteld draai ek om, maar dan sien ek uit die hoek van my oog 'n gordyn roer.

“Leila!” roep ek.

Eers dink ek sy gaan my ignoreer, maar ná 'n paar sekondes gaan die voordeur oop.

Leila kom hek toe gestap. Sy het 'n kortbroek en 'n liggroen T-hemp aan en sy is kaalvoet. Haar hare is in 'n poniestert vasgemaak.

“Hallo, Marnus,” sê sy.

Ek het verwag sy gaan kwaad wees, maar sy klink heel vriendelik. Een ding het ek al geleer, al ken ek haar nog nie lank nie – met Leila weet 'n mens nooit wat om te verwag nie. “Hoe het jy geweet waar ek bly?” vra sy.

Ek trek my skouers op. “Ek het darem geweet dis binne stapafstand van die parkie, en ek het darem al ’n paar speurverhale gelees en tips gevang.”

Sy glimlag.

“Uhm ... ek neem aan jy’t gesien ... die boom, bedoel ek.”

Sy knik net. Haar oë lyk vanoggend ekstra blou.

“Ek is jammer,” sê ek.

Leila skud haar kop. “Dis nie jou skuld nie. Dinge het so ’n bietjie ... buite beheer geraak. Wil jy inkom? Ek is besig om te pak, maar jy kan gou kom koeldrank drink as jy wil. Ons het nou wel nie organiese vrugtesap nie, maar daar is Coke in die yskas.” Daar is so ’n klein bietjie verwyd in haar stem, maar ek kan hoor sy terg eintlik.

“Daai Nature’s Gift-koeldrank proe soos skottelgoedwater,” brom ek. “So ... uhm ... gaan julle met vakansie?”

Sy knik. “Ek en my ma gaan by my see-ouma Kersfees hou, en daarna gaan ek ’n paar dae saam met my pa weg,” sê sy, asof dit die normaalste ding op aarde is. “Dit is seker hoog tyd dat ek my toekomstige stiefma en stiefboetie beter leer ken.”

Ek buk en tel die swart plastieksak by my voete op. “Dan is ek net betyds,” sê ek. “Dis vir jou. Geseënde Kersfees. Al is dit eers oor vier dae.”

Op pad hierheen het mense my vreemd aangestaar. Dis seker nie elke dag dat iemand drie blokke ver stap met ’n boom met ’n rooi strik om die stam nie. Maar nou ja, dis nou ook nie juis asof dit die vreemdste ding is wat ek die afgelope paar dae gedoen het nie.

Leila sluit die hek oop en vat die boompie by my. “’n Witkaree,” sê sy.

“Wetenskaplike naam *Rhus pendulina*,” hou ek my slim. “Ek hoop julle het plek in die tuin. Die man by die kwekery sê hulle groei baie vinnig, maar jy gaan nog steeds ’n paar jaar moet wag voor hy groot genoeg is om in te klim.”

“’n Mens word nooit te oud vir boomklim nie,” sê Leila. Sy streel oor die boom se blare en kyk skewekop vir my. “Marnus, onthou jy wat jy my daai eerste dag gevra het toe jy die deur oopgemaak het met die vadoek in jou hand?”

Ek skraap my keel verleë. “Uhm ... ek het gevra of jy gekom het vir soenlesse.”

Onverwags leun sy vorentoe en soen my.

Dis net ’n vinnige soen wat teen my lippe vee, maar my hart begin vreemde dinge in my bors doen.

Die son voel skielik ekstra warm op my gesig en skouers.

Die wind roer liggies deur my hare.

En daar stoot ’n tintelende gevoel deur my arms en bene.

Asof daar enige oomblik blare en bloeisels uit my lyf te voorskyn gaan kom.

*Vir Elize, Mia en Emma – wat keer dat ek onsigbaar raak.*

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.

Bosmanstraat 380, Pretoria

Tel. (012) 401 0700

E-pos: [lapa@lapa.co.za](mailto:lapa@lapa.co.za)

© Teks: Jaco Jacobs 2015

© Gallo Images/Getty Images/Altrendo Omslagontwerp deur Zinelda McDonald

eBoek geskep deur Full Circle [www.fullcircle.co.za](http://www.fullcircle.co.za)

ISBN 978 0 7993 7396 7 (Gedrukte boek) ISBN 978 0 7993 7739 2 (ePub) ISBN 978 0 7993 7740 8 (Mobi) © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

[OceanofPDF.com](http://OceanofPDF.com)